


Dit is tyd vir die Vleklose Gemeente


Toe Vader vir Roy tot die bediening geroep het, het Hy aan hom dinge wat sou kom bekendgemaak en in 'n visioen gesê dat Hy DRIE Hoof Vlekke op die liggaam van ons Messias sou openbaar.

Hy het toe gesê:

“Dit is patrone.”



Ons hanteer in hierdie boek die vlek
naaste aan Vader se hart.



“Redding tot die ewige lewe”.



1 Kor 2:12,13 *Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.*



Hierdie simbool in die boek identifiseer “sake van die Gees,” gegee deur Vader vir ons begrip.

Van die Skrywer:

Ek skryf hierdie “Van die Skrywer” omdat mense my genader het, onsteld oor wat ek gesê het oor redding. Ek het opgemerk dat hulle nie alles wat aangebied was gelees het nie en dus ook nie die bewyse wat deur die Heilige Gees aangebied was oor die probleem van die **48% wat in die Hemel vermis word nie**. **Vader het ook geopenbaar dat daar geen bediening op aarde is wat nie bydra tot die probleme wat hier behandel word nie, hetsy deur tradisie of leerstelling**. Party van ons **verkeerde tradisies** word uitgewys in die getuienisse van gebeure wat hier genoem word. Dit is nodig dat voorgangers met ontvanklike hart soek **wat** die Heilige Gees openbaar, want YHWH hou leiers verantwoordelik vir siele wat deur hulle bereik kan word. Meeste van ons het met tradisies en oortuigings grootgeword – sonder die besef dat ons die waarheid of die korrektheid daarvan met Vader moet uitklaar. Gevolglik het ons met foutiewe idees opgegroeï. Daarom, nader asseblief Vader deur sy Gees en vind uit of hierdie boek korrek is en of dit die waarheid is. Sommige mense sal dink dat dit baie “vermetel” van my is om so vas te staan oor hierdie saak, maar hulle was nie hemel toe nie en het nie afgekyk in die hel en ‘n gelowige gesien wat daar was as gevolg van tradisies en doktrines van die mens nie! Hy was nie daar as gevolg van ongeloof nie! Ek het onlangs baie meer vrymoedig geraak toe Yeshua die volgende vir my gesê het: **“Waarom is jy bang om mense te ontstel? As Ek nie tot jou lewe toetree het nie, dan was jou dogters steeds ongered – onder die indruk dat alles wel is. Ek het jou die bewys gegee.”**

Roy Sauzek

Inhoud




Simbole in hierdie boekie – Van die skrywer

Roy het die Nou Poort Gesien	1
Visioen van Verlossing.	2
Vader neem Roy Hemel toe.	3
Waarom werk “sê agter my aan” nie?	4
Hoekom is gebed nie die voertuig van belydenis vir redding nie?	5
Wat is ’n ware belydenis?	6
Sommige tot eer en sommige tot oneer.	11
Wat moet ons oor die Messias bely?	13
Wat van Yeshua se reaksie wanneer iemand Hom in sy hart innooi?	14
Wanneer is jou gees wedergebore?	14
Elohim demonstreer wanneer jou gees wedergebore is!	15
Nog ’n demonstrasie van wanneer jou gees weergebore is.	15
Waterdoop – wat dit is en wat dit nie is nie!	16
Om iemand altaar toe te pamperlang kan ’n slag gat wees!	17
Getuïenisse van Elohim om aan Roy die erns van die situasie oor Redding te wys.	
Vader openbaar hoe na aan Roy die probleem was.	19
Elohim sê: “Godsdiens!”	20
’n Klein seuntjie met ’n krummelrige gees.	21
Het jy ’n minuut te spaar?	22
Is jou naam opgeskryf?	24
Eenvoud	25
Korrekte verdeling van die betekenis van die woord “Gered”.	26


Roy het die Nou Poort Gesien!

Mat. 7:14 *Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.*

 In 'n nagvisioen het Vader vir Profeet Roy 'n kerkbus getoon, gelaai met vreugdevolle mense en families wat liedere sing. Hierdie bus is teen 'n heuwel uit bestuur – onderweg na die '**Nou Poort**' toe.


Hulle arriveer en nadat hulle uit die bus geklim het, probeer hulle deur die smal hek ('**Nou Poort**') gaan, **maar almal word geweier**. Toe sak hulle op die busdrywer toe en slaan en trap hom!

Roy sê dat hy op 'n dag op die internet besig was toe 'n man die volgende met hom gedeel het:


 Daar was 'n man in 'n sekere kerk, wat 'n visioen gehad het waar hy oor die hel afkyk en 'n persoon gesien het wat angstig koppe uit die vuur begin pluk het. Elke keer dan kyk hy na die gesig en smyt weer die kop eenkant terwyl hy 'n ander kop gryp. Die man wat die visioen gehad het, vra hom toe wat hy doen? In woede skreeu die brandende man: "Ek soek die prediker wat vir my gelieg het! Wat my nie die waarheid vertel het nie! Ek weet hy moet ook hier iewers wees!"

Yeshua het gesê:


Luk.13:24-25 *Stry hard om in te gaan deur die **nou poort**, want baie, sê ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie kan nie. Wanneer die huiseenaar opgestaan en die deur gesluit het, en julle staan buitekant en klop en sê: Meester, Meester, maak vir ons oop – sal Hy vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie.*

Die eerste ding wat Elohim vir Roy gesê het toe Hy begin het om hom te leer oor verlossing, was:  "**Dinge is nie wat dit in die kerke skyn te wees nie.**" Roy sê hy het tevore gedink alles is onder beheer, dat sake basies reg was sover dit die kerk aangaan. Hy het aangehou om die Heilige Gees te ignoreer, soos byvoorbeeld toe Vader vir hom gewys het wat besig was om te gebeur by die Nou Poort (die bus vol mense). Roy het vir sowat drie jaar die visioen bly ignoreer, veral omdat as hy sou erken wat Vader vir hom deur sy Gees gewys het aangaande die Nou Hek – **sou hy dit moes hanteer!** Hy sou Vader nie net kon plaas waar hy Hom wou hê en met sy lewe voortgaan nie. Ons deel nou hierdie visioen met jou, want: "**Dinge is nie wat dit in die kerke skyn te wees nie.**"

Die busdrywer in die visioen verteenwoordig leiers – nie net pastore, predikante of evangeliste nie – wat nie die wettige, korrekte wyse (die meganika) verstaan van hoe iemand gered word nie. **Hierdie persoon in duisternis het in Yeshua geglo en was lief vir Hom.** Hy het heerlijk saamgesing met die passasiers. In hierdie visioen openbaar Vader twee waarhede. Eerstens, dat daar 'n probleem is met die leerstellings van die kerke, iets **wat voorspel was in die Bybel**. Tweedens, dat die weg deur die Nou Poort **besonder maklik** is.

As jy weer na die prentjie op die vorige bladsy kyk, sal jy sien daar is geen hek in die opening van die Nou Poort nie, net soos daar geen deur in die deuropening was nie.  Die Heilige Gees het vir Roy gewys dat dit die deur verteenwoordig waardeur 'n persoon moes gaan vir redding tot die ewige lewe. Ons sal hierdie spesifieke deur weer noem in die afdeling *Waarom werk "sê agter my aan" nie?*, waar dit deegliker bespreek word.

Roy het 'n deuropening gesien. Dit was in 'n muur wat die voorkoms gehad het van klip of beton. Die muur het ten minste 'n meter dik gelyk. Terwyl hy gekyk het na hierdie muur met die deuropening, het hy geweet niks, nie eens 'n atoombom, sou hierdie deur of muur kon verander nie. Ek of jy kan nie deur ons sienswyses die deuropeninge (die manier van redding wat Vader bepaal het) verander nie.



Die deur wat Roy gesien het en die Nou Hek (simbolies - eerste visioen), verteenwoordig die weg wat Vader bepaal het. Albei "sake van die Gees" toon ons duidelik dat die weg maklik is – met geen "werke" van ons kant wanneer dit gaan oor ewige verlossing nie. Want – daar was geen hek of deur in die openinge nie! As ons 'n hek of 'n deur moes oopmaak om te kon ingaan, sou dit beteken ons moet 'n daad verrig ('werke') om redding tot die ewige lewe te verdien. Werk het te make met die fisiese doen of verandering van iets, ensovoorts. (Een definisie suggereer dat as jy die hele dag teen 'n muur stoot sonder om dit op enige manier te affekteer, het jy nie gewerk nie.) Niemand het nodig gehad om die hek oop te maak om in te kon gaan nie. Soos wat jy deur die boek lees sal jy beter begin verstaan waarom daar geen "werke" vir jou is om te doen om deur die hek te gaan nie. Jy moet kan verstaan dat 'n ware belydenis nie 'n werk is nie, maar 'n erkenning, 'n uitlating.

In die visioen was egter 'n persoon in die opening van die muur wat die mense in die kerkbus weggewys het. Ons wil nou jou aandag vestig op wat Yeshua in Luk 13:24-27 gesê het en vergelyk dit dan met wat die visioen openbaar:

Luk. 13:24-26 Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie kan nie.

Die mense in die kerkbus was besig om teen 'n opdraand uit te ry om by die hek (poort) in te kan gaan ("**sal probeer om in te gaan**") en word weggewys. Die mense op die bus is weggewys deur iemand met gesag (huiseienaar).

v. 25 : Wanneer die huiseienaar opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en klop en te sê: Meester, Meester, maak vir ons oop – sal Hy vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie.

Hou in gedagte dat die visioen duidelik toon dat dit "gelowiges", kerkgangers en leiers, was wat uitgesluit is. Let nou op wat vertel Yeshua, wat sê die mense wat uitgesluit is:


v. 26 : Dan sal julle sê: Ons het in U teenwoordigheid geëet en gedrink, en U het op ons strate lering gegee.

Toe Roy in die hemel was het hy 'n gelowige wat in die hel was opgemerk wat op aarde Nagmaal gebruik het ("*in U teenwoordigheid geëet en gedrink*"). Die woorde: "*...U het op ons strate lering gegee*", het te make met die gemeente (kerk) wat hier simbolies is vir 'n stad met sy strate. Dit is duidelik dat die mense wat uitgesluit word in vers 25 weet wie Yeshua is, want hulle sê: "*Meester, meester, maak vir ons oop...*" en **hulle het gedink hul behoort ingelaat te word** – net soos die visioen van die Nou Poort toon hoe die mense op die bus sing en dinge geniet. **Hulle het geweet waarheen hulle op pad was.** Yeshua openbaar in vers 27 waarom hulle nie ingelaat is nie: *ongeregtigheid*. Ongeregtigheid het te make met wetteloosheid. Wat die mense in die bus dus nie gehad het om by die Nou Poort ingelaat te word nie, was wetlike toegang! Let wel, die weg deur die Nou Hek is smal, maar dis 'n wetliklike ingang en **baie maklik**. Die Skrif: **Luk. 13:24-27** teken 'n prentjie parallel met die een in die visioen. Soos wat jy deur die volgende bladsye lees, sal jy agterkom wat die wetlike weg is en waarom dit so maklik is. Ons sal jou die korrekte weg wys, sowel as die slaggate, soos Vader dit aan Roy getoon het.

Visioen van Verlossing

Hier is die getuienis van die **visioen van Verlossing** wat Vader vir Roy gegee het, asook die gebeure rondom dit:

Dit was kort nadat hy in die bediening geroep is, dat hy vir Vader gevra het om sy vrou te red. Hy het geweet dat hierdie ingewing om dit te vra van die Heilige Gees gekom het. Om een of ander rede het Roy getwyfel in sy vrou se redding. Hy het gesê: "Vader, red my vrou... Ek weet nie of sy gered is of nie, Vader, maar ek vra U om haar te red. As daar enige rede is waarom sy hel toe gaan, laat my haar plek vat dat sy kan lewe!" Hy het dit met sy hele hart bedoel. Hy het 'n vrede oor hom voel kom en het net geweet dinge sal regkom. Hy het geweet dit was afgehandel!

Daardie nag het hy en sy vrou vir Nagmaal kerk toe gegaan. Dit was anders gedoen as gewoonlik en het baie vir albei van hulle beteken. Die volgende oggend het Roy 'n visioen gehad. Hier is die gebeurtenis in sy eie woorde: 

My vrou het in die visioen voor my gestaan en ons het hande gehou. Ek het haar die volgende vrae gevra:

“Laas nag toe jy die brood geëet het, het jy geglo dit was die Brood van die Lewe?” Haar antwoord was: “Ja.”

“Toe jy die wyn gedrink het, het jy geglo dit was die Bloed van Yeshua en dat Hy gesterf het vir jou?” Haar antwoord was: “Ja.”

“Omdat jy dit teenoor my bely het, as 'n ander persoon, is jy gered.”

Ek het dieselfde oggend bogemelde visioen fisies met my vrou laat afspeel deur haar dieselfde vrae van die visioen te vra. Haar antwoorde was almal bevestigend, net soos Vader in die visioen openbaar het dit sou wees.

Hier is die feite wat die visioen openbaar het:

1. Vader het geweet wat Roy se vrou in haar hart geglo het en het daarom haar antwoorde geken;
2. Vader het dit duidelik gemaak dat ons verklaring van geloof aan 'n **ander mens** moet wees, NIE AAN HOM;
3. Vader het dit duidelik gemaak dat sy vrou nie gered was voor daardie oomblik van haar belydenis van geloof aan Roy, haar man nie, al het sy in haar hart geglo;
4. Vader het haar gered deur Roy 'n belydenis uit haar te laat trek.

Na die visioen en die fisiese afspeling daarvan met haar, het hy geweet sy vrou was gered, en het sy die ewige lewe gehad, eenvoudig oor die inhoud van die visioen. 'n Paar dae later het sy vrou aan hom gevra dat hy vir haar 'n Bybel soos syne koop, omdat haar *Good News for Modern Man* nou gevoel het soos 'n speelding. Sy het kort tevore nog gesê haar *Good News for Modern Man* was die enigste een wat sy kon verstaan! **Hierdie was die eerste uiterlike teken van 'n innerlike verandering.** Later het Vader aan hom bevestig dat sy gered is omdat haar naam en taak nou verskyn in die boek met die vermiste name. Jy sal hiervan lees in die gedeelte: *Is Jou Naam Opgeskryf?*

Vader neem Roy Hemel toe

Soos wat jy lees sal jy begin verstaan waarom hierdie Hemelse ondervinding Roy se lewe verander het. Hy was Hemel toe geneem hoofsaaklik omdat hy nie die betekenis van die visioen oor redding verstaan het nie.

Hemel (In Roy se eie woorde)

Vader het my nie gevra of ek wil gaan nie, maar skielik was ek in die Hemel. Ek het dit net geweet. Die toneel het begin op my derde dag daar. Ek het kniediep geloop deur iets soos wolke, vir drie dae besig om die Hemel te verken. Ek onthou dat ek 'vergaderings' hier en daar gesien het terwyl ek so gestap het. Ek het besef ek het nie my vrou gesien nie, vir wie ek daar verwag het. Ek was baie lief vir my vrou en ek het gewonder wat sy daarvan gedink het om hier te wees. Ek het 'n verbyganger gevra of ek vir Yeshua mag sien. Yeshua het verskyn, byna oombliklik, en het regs van my gestaan. Ek het Yeshua gevra waar my vrou was, met die verwagting dat Hy my na een of ander plek in die Hemel sou neem om haar te sien. In plaas daarvan het Hy met sy regterhand van links na regs gewaai en die Hemel se vloer het oopgegaan. Yeshua het na die opening gewys. Gehurk het ek oor die rand daarvan geloer en toe my vrou in die hel gesien! Ek was dadelik oorweldig. Terwyl ek wenend opstaan, het ek geskok aan Yeshua gesê: “Meester, gaan haal haar!”

Hy het gevra: **“Wat sê My woord?”**

Ek het kopkrappend probeer dink aan 'n Skrifgedeelte. Bewoë het ek uitgebars: “U woord sê: As jy glo sal jy en jou huisgesin gered word! (Hand.16:31) Meester, gaan haal haar!”

Yeshua het die tweede keer gevra: **“Wat sê my woord?”**

Ek het geantwoord: “Ek weet nie, Meester, ek is nie ’n prediker nie.” Ek het weer kopgekrap. “O Vader, waarom gaan haal Hy haar nie?”

Weer wysend na die hel, het ek opnuut uitgebars: “Romeine! Ja, Romeine: As jy glo met jou hart en bely met jou mond, sal jy gered word! Sy glo, so gaan haal haar, asseblief!” Ek het trane op Yeshua se wange gesien. **“Maar wat het Ek gesê?”**

Ons het nou enkeldiep in trane gestaan. Dit het gespoel uit die Hemel waar Yeshua die vloer oopgemaak het. **Toe sê Yeshua: “Gaan terug en vertel hulle dat dit is wat sou gebeur het, as jy en jou vrou gesterf het voordat...”**

Ek was terug op aarde nog voor Yeshua sy sin voltooi het. Hy het geweet dat ek sou begryp dat Hy gepraat het van: **voordat...** ek die visioen bekragtig het oor Redding wat hy vroëer vir my gegee het aangaande my vrou.

Yeshua het my dadelik gevat na: Mat.10:32 ***Elkeen dan wat My bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die hemele is.*** (Dit is wat Yeshua gesê het!)

Hierdie is ’n verbondsbelofte deur Yeshua aan die mens en wat openbaar hoe jy deur Hom die ewige lewe verkry.


*Luk.6:47-49 **47 Elkeen wat na My toe kom en na My woorde luister en dit doen – Ek sal julle wys soos wie hy is. 48 Hy is soos ’n man wat ’n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament in die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die vloed teen daardie huis losbreek, het dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was. 49 Maar wie My woorde hoor en dit nie gehoorsaam nie, is soos ’n man wat ’n huis se fondament op sand bou, en die vloed het daarteen losgebreek en dit het dadelik geval, en die instorting van daardie huis was groot.*** (OAV)

Roy se vrou het nog nooit dit wat staan by Mat.10:32 (hierbo aangehaal) gehoor nie, nog minder het diegene om haar, haar gelei om te doen wat dit sê. Haar huis was op sand gebou, nie op ’n rots soos Yeshua gesê het dit moet wees nie. Die ‘rots’ waarvan Yeshua praat is sy Woord wat jy moet gehoorsaam om ’n huis te kan hê wat sal staan, hier op aarde sowel as wanneer jy die Hemelse dimensie betree. Vader het aan die profeet geopenbaar dat a.g.v. die kerk se onvermoë om Mat.10:32 te begryp, sou sy vrou, indien sy werklik in die ongeluk waarin hulle was gesterf het, se val groot gewees het (**...die instorting van daardie huis was groot.**), **sy sou hel toe gegaan het!**

Jou huis is wat jy glo. Dit is wat enige besondere kerk glo. Dit is wat enigeen glo. ’n Huis is waar jy veilig en tuis voel. Is jou geloof veilig in die rots gebou? Roy se vrou s’n was nie, onbekend aan haar of Roy. Sy het geglo en was baie gemaklik met wat sy geglo het. As sy werklik doodgeraak het voor 1980, sou sy nou verlore gewees het en almal wat geglo het dat sy gered is, **sou verkeerd gewees het.** Jy kan nie bekostig om te wag om uit te vind of jou geloof reg is nie. Dit is te laat om te korrigeer na jou dood!

Waarom werk “sê agter my aan” nie?

Herhaal die volgende woorde hardop: **“Fred se gepekelde visplaas.”** Waar het hierdie woorde vandaan gekom? Het hulle van jou af gekom? Nee, hulle het van my af gekom. Jy sien, nie al die woorde wat ons uiter, kom van ons af nie. Herhaal nou agter my aan: **“Ek glo Yeshua is die Seun van Elohim.”** Hierdie woorde was net so min joune as “Frik se gepekelde visplaas”. Jy mag dalk glo wat jy gesê het, maar hulle is steeds nie jou eie woorde nie. Ons persoonlike verklaring of belydenis van geloof moet van ons self (uit ons binneste) kom, *nie van iemand anders af nie.*

Toe Yeshua hierdie saak met Roy opgeneem het, het Hy vir hom  ’n deur gewys. In die visioen het hy geweet dat hierdie deur onbeweeglik was. Yeshua het aan hom gesê: **“Hierdie is ’n eenman deur.”** Hy het aanhou kyk na die deur en Yeshua het weer gesê: **“Hierdie is ’n eenman deur.”**

Die visioen het nie geëindig voordat Roy begryp het dat twee mans gelyktydig by 'n deur probeer ingaan het en dat dit onmoontlik was nie.

Yeshua is die deur en elke individu moet deur Hom gaan om gered te word. Wanneer iemand deur 'n belydenis gelei word deur die napraat van 'n ander persoon se woorde, dan is dit nie sy eie woorde nie, maar die ander persoon s'n (twee mense wat gelyktydig by die deur probeer ingaan). Jy kan nie gered word deur die napraat (herhaling) van iemand anders se belydenis nie. **Net jy kan vestig wat jy glo**, niemand anders nie.

In Hand. 8:35-37 praat Filippus oor Yeshua met 'n hofdienaar en hy maak seker dat hy 'n belydenis van hom kry voor hy hom doop. 35 En Filippus het...begin en die evangelie van Yeshua aan hom verkondig. 36 En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: "Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?" 37 (*Hierna kry Filippus die belydenis uit vrye wil van die hofdienaar!*) Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, mag u gedoop word. En hy antwoord: Ek glo dat Yeshua Messias die Seun van Elohim is. Geen **naprater** hier nie! Filippus het die korrekte wyse geken: Dit is om 'n belydenis uit mense te kry – wat hulle eie belydenis is!

As 'n laaste uitweg om 'n belydenis uit mense te kry, kan gevra word: "Glo jy dat Yeshua vir jou sonde gesterf het en dat Vader Hom uit die dood opgewek het? Ja, of nee?" Laat hulle die keuse self maak of dwing hulle om die keuse self te maak! Wanneer iemand 'n keuse maak tussen "ja, of nee", bevestig of ontken hy **die betekenis** van daardie woorde: ["Glo jy dat Yeshua vir jou sonde gesterf het en dat Vader Hom uit die dood opgewek het?"] as sy geloof.

Die metode "sê agter my aan" werk nie! Deur belydenisse te doen uit 'n boek, of vanuit enige ander bron, vestig ook nie jou geloof nie, want hulle is eenvoudig nie jou eie woorde, jou eie keuse nie. Hulle is die woorde van die skrywer daarvan. Nóg Yeshua, nóg sy dissipels, het ooit 'n "sê agter my aan" gebruik, alhoewel Yeshua gedurig belydenisse van mense verkry het. (Die Onse Vader was gegee as 'n patroon (model) gebed, nie 'n sê agter my aan gebed nie.)

Hoekom is gebed nie die voertuig van belydenis vir redding nie?

Eerstens moet ons 'n patroon, 'n beginsel sien, wat gegrond is op Yeshua se verbondsbeloftes. In Mat. 16:19 gee Yeshua vir Petrus 'n sleutel tot die Koninkryk van die Hemele. M.a.w. wat is die sleutel, die patroon, oor hoe ons dinge vestig en Vader in die Hemel beweeg? Yeshua het vir Petrus gesê, Mat. 16:19 *"En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee en wat jy ook op aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op aarde mag losmaak sal in die hemel losgemaak wees."* Die patroon is soos volg: "Ons vestig iets op aarde en wat ons op aarde gevestig het, beweeg Vader in die Hemel." Yeshua sê by Mat. 6:14-15: *14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. 15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."* Hier sien ons dieselfde beginsel en ons sien dus ook dat wat ons vestig, is gevestig by die mens. Cornelius (Hand.10) het geregtigheid op aarde beoefen en daardie handeling was **teenoor mense**. Sy handeling en die vrees van Elohim, het 'n petisie **voor Vader self** in die hemel opgelewer. As gevolg van die petisie het Vader kragtig om sy ontwil opgetree. Hy het Elohim in die hemel beweeg as gevolg van wat hy op aarde gedoen het. Daar is meer sodanige voorbeelde. So kom ons by dieselfde patroon uit met betrekking tot die belydenis van ons geloof. Yeshua sê Hy is die enigste weg tot die Vader. M.a.w. ons moet deur Hom gaan tot die Vader. Yeshua het 'n belofte gemaak wat dieselfde patroon bevat oor hoe ons iets in die Hemel vestig en dit sluit Hom in. Hier is Yeshua se verbonds- belofte: *"Wie ook al My voor (by, teenoor, aan) die mense bely (verklaar) hom sal Ek ook bely (verklaar) voor (by, teenoor, aan) My Vader wat in die hemel is."* Ons sien dieselfde patroon tot vestiging op aarde met mense en – daardie vestiging beweeg Elohim in die hemel. Dus verklaar 'n persoon sy geloof aan 'n ander persoon op aarde en gelyktydig bevestig Yeshua die persoon se geloof aan Elohim in die hemel. Dit is Vader se wetlike weg, deur sy eie Seun. Wanneer ons dit so doen, kom ons in verbond met Vader deur saam met Hom te stem dat Hy sy Seun gestuur het om die mens te red.

Wanneer ons egter probeer om ons geloof aan Elohim te vestig of te bely **deur 'n gebed**, probeer ons Yeshua se verbondsbelofte omseil. Ons probeer dan om self ons geloof in die Hemel te vestig, eerder as om Yeshua dit daar vir ons te laat doen. Ons kan niks self in die hemel vestig nie.

Deur ons aksies vestig ons dinge op die aarde (ons ryksgebied) en “wat ons op die aarde vestig” word dan terselfdertyd in die hemel (Vader se ryksgebied) gevestig.

Die “Gebed van Redding”, wat deur so baie gelowiges gebruik word, is die mens se idee. Jy sal dit nie in die Bybel as deel van die Skrif kry nie en ook nie waar enige dissipel dit toegepas het nie. Waar jy dit sal kry is by menslike instruksies of kommentaar onderaan bladsye of ander plekke in sommige Bybels of konkordansies. Paulus het gesê dat enige een wat 'n ander lering verkondig as wat hy verkondig, moet 'n vervloeking wees. In Rom.10:9-10 leer Paulus die meganika van hoe om deur werking van ons geloof gered te word. Onthou die patroon!

Paulus begin deur ons te vertel om nie ongelowig te wees nie, dat ons Messias om ons ontwil kan beweeg: Rom. 10:6 *Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, (naamlik om Messias af te bring uit die hemel;) 7 of: Wie sal in die afgrond neerdaal, (naamlik om Messias weer uit die dode op te bring?)*

Dan openbaar hy hoe! 8 *Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: 9 As jy met jou mond Yeshua die Messias bely en met jou hart glo dat Vader Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; Dan gee hy begrip oor wat hy so pas gesê het, deur vier keer “Want” te gebruik (Rom. 10:10-12):*

10 *want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.* Hy het die daad van geloof verduidelik, dit wat 'n persoon se verklaring van geloof is. Geloof word gereken as geregtigheid, terwyl redding kom deur belydenis. Yeshua het aan Roy getoon dat die persoon wat hy in die hel gesien het, met haar hart geglo het, maar dat sy nie aan 'n ander mens bely het wat sy geglo het nie!

11 *Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.* Hy het bedoel ons sal nie in verleentheid beland oor ons ons geloof aan 'n ander mens bely het nie. Daar is geen rede waarom ons skaam hoef te wees om ons geloof aan Elohim self te bely nie – jy kan in die ope veld met Vader praat waar niemand jou kan hoor nie! Maar daar sou 'n probleem met skaamte kon wees met ons belydenis aan ons naaste.

12 *Want daar is geen onderskeid tussen Judeër en Griek nie; want dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.* Hy het bedoel enigeen, enige sondaar, ongeag wat die sonde is, kan gered word. Yeshua sal namens hulle voor Elohim optree as hulle Vader se wil doen, naamlik om Sy Seun aan die mens op aarde te verklaar.

Yeshua het in Luk 6:47-48 gesê: *48 Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen Ek sal julle wys soos wie hy is. 48 Hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat gegrawe en diep ingegaan en die fondament op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat sy fondament op die rots was.*

Die lering van Paulus aangaande redding was gevestig deur 'n onbeweegbare gesegde van Yeshua, maak nie saak wat die mens glo nie, naamlik: *“Wie ook al My voor (teenoor) die mense bely (verklaar) hom sal Ek ook bely (verklaar) voor (teenoor) My Vader wat in die hemel is.”*

Daar is geen oordeel aan Elohim se kant aangaande jou ewige redding nie. Óf jou naam is in die hemel opgeskryf, óf dit is nie. Yeshua is die enigste wat dit daar kan skrywe! Dit gebeur deur jou opregte belydenis aan 'n ander persoon, nie deur werke nie. In jou belydenis doen jy afstand van jou vermoë, deur erkenning aan 'n ander mens dat jy nie jouself kan red nie; dat Vader vir jou die weg geskep het deur Sy Seun. Yeshua vestig hierdie feit vir jou in die hemel, op Sy manier!

Wat is in 'n Ware Belydenis?

Jare gelede het YHWH vir Roy die eerste boekie laat skryf. In daardie boekie het Elohim vir hom die tien dinge gegee wat in 'n ware verklaring van geloof aan 'n ander persoon is. In hierdie artikel is begrip van die **“hoekom”** 'n persoon se ewige redding lê in belydenis van geloof aan 'n ander mens en niks anders nie!

Spreek 4:7 Die beginsel van die wysheid is: Verwerf wysheid en verwerf insig deur al wat jy besit.

Dit is eenvoudig wonderlik dat Vader sê ons hoef slegs te glo en daardie geloof te bely (verklaar) aan 'n ander persoon. Paulus sê by Rom.10 dat ons glo tot geregtigheid en bely tot redding. Dit wys hoe maklik dit is en hoe lief Vader ons het.

As jy sou gevra word: “Glo jy dat Yeshua die Messias vir jou sonde gesterf het en dat Vader Hom uit die dood opgewek het?” en as jy dit vas glo en reageer met 'n opregte: “Ja!” dan is die volgende 10 feite wat Vader vir Roy gegee het in daardie “Ja!”

1. Jy erken wie Vader is, wie Yeshua is, en wie jy is.

Jy is sover gebring om te erken dat Vader sy Seun gestuur het en dat ons almal verlossing nodig het, net soos Vader gesê het.

2. Jy openbaar jou geloof in 'n Elohim wat jy nie kan sien nie.

Jy vertoon aan die wêreld en die mens wat in jou hart is. Jou verklaring van wat in jou hart is, is 'n daad van geloof.

3 Jy erken daar is geen werke wat jy kan doen nie, maar dat slegs Yeshua se bloed sonde kan bedek.

Of jy dit verstaan of nie, deur jou verklaring erken jy dat slegs Vader jou werklik die ewige lewe kan skenk, deur sy Seun.

4 Jy erken jou sondige toestand.

Dalk besef jy dit nie, maar jy erken ook die ware sondige toestand van die hele mensdom!

5 Jy erken dat alles wat Vader ooit gedoen en gesê het, die waarheid is.


Erken jy nie dat wat Vader se Woord sê wat in die tuin van Eden gebeur het, die waarheid is nie? Erken jy nie dat Vader Sodom vernietig het nie? Erken jy nie dat Vader vir Israel uit Egipte verlos het en dat Hy deur Moses se aksie die rooi see verdeel het nie? Erken jy nie dat Vader alles deur en vir Sy Seun geskep het nie? Erken jy nie dat alles waar is wat Vader gesê en gedoen het aangaande Jona, Abraham, Job, ens... al verstaan jy nie alles nie?

6 Jou onvermoë is in daardie belydenis.

Erken jy nie dat daar absoluut niks was wat die mens kon doen om homself te red nie?

Voordat ons aangaan, moet jy daarop let dat 'n verklaring of belydenis van geloof 'n *erkenning* is – nie 'n werk wat ons doen nie. Erkenning is om iets wat ons het te laat gaan. Selfs wanneer ons ons geloof op aarde aan 'n ander persoon bevestig, is ons besig om te erken, vry te stel, te laat gaan. Dit is 'n hele paar keer aan Roy bewys wanneer 'n belydenis van geloof uit iemand getrek is. Baie keer word 'n bonatuurlike “*verligting*” gevoel of waargeneem. Roy sê dat, terwyl hy vertel dat hy weet Yeshua Messias is die eniggebore Seun van die enigste ware Vader, voel hy elke keer 'n verligting deur net daardie woorde te uiter en kom daar 'n vreemde vrede oor hom.

7 Berou is in daardie belydenis.

Roy sê hy onthou dat toe Vader hom oor hierdie onderwerp onderrig het, het Hy gevra:  “*Wat gaan jy by My altaar doen wat My Seun nie reeds gedoen het nie?*” Ons vra jou, “*Wat gaan jy by Vader se altaar doen of wat gaan jy iemand anders lei om by die altaar van Elohim aangaande ewige redding te doen, wat Sy eie Seun nie reeds gedoen het nie?*” Yeshua het alles vir ons aan die vloekhout gedoen en die oomblik wat ons verder gaan as “glo en bely” soos Paulus ook geleer het, is ons in ons eie werke. Roy sê dat 'n paar mense al vir hom gesê het: “Jy moet berou hê om gered te kan word – jy moet 'n opregte, berouvolle hart hê, nie net bely nie!” Wel, “berou” is in 'n persoon se belydenis – as hulle werklik glo wat hulle behoort te glo.

Net Vader alleen weet! **Berou beteken 'n 180 grade ommekeer** van wat jy huidig doen of glo. In 'n persoon se hart draai hy 180 grade van ongelooft na geloof in Yeshua as Redder en dit word op daardie oomblik op die aarde gemanifesteer en gevestig, op die oomblik van daardie persoon se belydenis. **Berou gemanifesteer!**

Dit is onmoontlik vir iemand om **waaragtig te glo** en Yeshua te bely, sonder 'n berouvolle hart. Die oomblik wat enige persoon werklik beseft wie Yeshua is, behoort hulle ook te beseft hulself is sondaars. Hulle moes in hul binneste daardie plek bereik het waar hul beseft dat hulle hulp nodig het en dat daar net Een is wat hulle kan red. As jy 'n gelowige is, dink aan die oomblik toe jy werklik beseft het wie Yeshua werklik is. Het jy nie, met hierdie beseft daarvan, 'n berouvolle hart gehad nie? Het jy nie in jou binneste gesê: “Vader, vergewe my, 'n sondaar?” Dit kon enige tyd van enige dag of op enige plek gebeur het, of dit kon geleidelik of oombliklik gebeur het.

Sommige mense sê daar moet 'n *teken van verandering* wees, bedoelende daarmee 'n verandering in lewenswyse. Hierdie mense is besig met verlossing deur werke. Selfs gebed is inspanning (werke) van ons kant af en elke poging deur ons **is 'n werk**. Dit is waarom Vader wil hê dat ons moet verstaan dat 'n ware belydenis beteken om te laat gaan, **'n erkenning van ons sondige toestand**, nie 'n werk nie. Dit verg geen inspanning vir jou hand om 'n deurnop te los nie, jy laat dit net ontspan (geen inspanning) en dit gebeur.

Ons word gered deur verbondsbelofte. Punt. Yeshua het daardie belofte gevestig toe Hy hier was en hulle het wettig gevestig geraak met Sy dood. **Hy het dit gedoen!** Ons gesegde “Vader vergewe my” by 'n altaar deel met die siel. Wat ons soortgelyk by die altaar doen is 'n daad van geregtigheid, maar die Bybel sê ons daad van geregtigheid is soos vuil toings in Vader se oë. Mense wat aandrang op veranderings buiten geloof en belydenis, sê aan Vader sy Seun het 'n onvolledige werk aan die kruis gedoen. Onthou: Sy bloed bedek die sonde van nie-verander-na-bekering. Yeshua het 'n volledige werk gedoen wat verlossing tot die ewige lewe betref en ons toekomstige ewige lewe is **volkome** in Hom – nie in enigiets wat ons kan doen (werke) nie!

Om hierdie bespreking van punt no.7 mee af te sluit: Die **enigste verandering** wat Vader vereis vir redding tot die ewige lewe is die suiwer verandering en geregtigheid, **die berou wat die Heilige Gees meebring!** Die verandering wat in die hart gebeur, van ongelooft tot 'n 180 grade omkeer na geloof, **is berou**. **Binne, in ons harte, skep die Heilige Gees daardie “O, Vader, vergewe my!” Dit is die Heilige Gees wat oortuig en waarheid aan ons harte openbaar. Dus sien ons dat Vader alles gedoen het wat betref “redding tot die ewige lewe”!** Dit **gebeur in ons harte** op die oomblik van geloof en manifesteer of word gevestig op die oomblik van 'n persoon se verklaring van geloof aan 'n ander persoon (Dit word 'n verbondsbevestiging in Sion.)

8 Onderwerping is in daardie belydenis.


Wanneer jy jou geloof aan 'n ander persoon verklaar of vrystel, het jy jou finaal onderwerp aan wat Vader gesê en gedoen het.

9 Die openbaring van alles wat jy nou is en alles wat jy gaan wees is in daardie belydenis.

Toe Vader vir Yeshua uit die put van die Hel opgewek het, het Hy die Ewige Lewe vir die mens opgewek. Voor die kruisiging was dit nie moontlik nie. Die getroude stad (Bruid) is in die Ou Testament vermeld, maar dit het eers moontlik geword met die opstanding. Laaste dae gebeurlikhede het moontlik geword met die opstanding. So kan mens aangaan en aangaan. Dit het alles gebeur aan die kruis in daardie oomblik in tyd. Wanneer ons ons geloof aan 'n ander persoon bely, erken ons alles wat ons nou is, ons onvermoëns en mislukkings. Al sou ons nie alles verstaan wat Vader vir ons beplan het nie, erken ons nie ook alles wat ons in die ewigheid sal wees nie?

10 Daar is positiewe aandrywing in daardie belydenis.

Dit mag dalk eienaardig lyk wat Vader vir Roy hier laat plaas het. Hy het dit gedoen omdat Hy elkeen dit wil laat verstaan wat Roy gesien het. Omdat Roy 'n boer was, het Vader geweet dat hy meganiese dinge verstaan. Die meeste mense verstaan dit.


In 'n nag visioen  was Roy op 'n baie groot rivier, besig om stroom op te swem asof hy op pad was na die rivier se beginpunt.

Hy het aanhoudend meganiese toestelle, knarsende ratte, katrolle, ens., teëgekrom. Al hierdie meganiese toestelle was funksioneel, bewegend soos hulle moes om elke ander deel aan te dryf. Hierdie meganiese goed was eenvoudig aan die afdrywe met die rivier, funksionierend soos hulle werking vereis. In die visioen het Roy geweet hy was teen die stroom op aan die beweeg op die Rivier van Lewe wat vloei uit die troon van Elohim. Die meganiese toestelle was op hierdie rivier vloeiend uit die troon van Elohim. Al die meganiese goed wat hy sien kom het van die troon af was positief gedrewe. **As jy die een deel beweeg, moes die die ander deel wat daaraan gekoppel was, ook beweeg!**

Dit is hoekom Roy praat van die “meganika” van redding. Vader wou hê dat hy verstaan wat geskryf is by Mat. 10:32 **Elkeen dan wat My bely** (verklaar) **voor** (teenoor) **die mense, hom sal Ek ook bely** (verklaar) **voor** (teenoor) **My Vader wat in die Hemele is.**

Hierdie is 'n waarborg, 'n positiewe drywing, 'n absoluutheid – dat wanneer ons 'n belydenis aan 'n ander persoon maak – dan beweeg dit Yeshua in die Hemel! Paulus verduidelik by Rom.10:6 hoe ons Vader beweeg! Dan openbaar hy dat ons saligheid in twee stappe lê, nie drie of meer nie: (1) Glo in Yeshua tot geregtigheid en (2) bely tot redding! **Wanneer ons dit doen, beweeg ons Yeshua soos dit in Mat.10:32 staan. Dit is 'n belofte!**



Vader het Roy hierop gewys deur aan hom 'n visioen te gee van 'n man wat 'n leer uitklim.  *“Die leer was op aarde en het gereik tot aan die hemele, of ewigheid. Ek het gesien die man gee een tree om die aarde te verlaat deur sy regtervoet op die eerste sport te sit. Dit is die stap van geloof. Regs beteken geestelik en links beteken fisies, dus pas dit, want om te glo is 'n geestelike saak. In elk geval, **ek kon sien die man het nie sy doel bereik om die aarde te verlaat nie.** Hy was steeds op die grond! Toe sien ek hoe hy sy linkervoet ophig en dit langs sy regtervoet neersit, op dieselfde sport. Dit was opvallend dat die beweging van die linkervoet, wat in hierdie geval wys op 'n persoon se fisiese belydenis, die man toegelaat het om die aarde te verlaat op sy pad in die hemele. Ek het gesien dat die twee (geestelik en fisies) altyd moet saamwerk vir enige persoon om werklik die aarde te verlaat. Want geloof sonder 'n fisiese daad is dood, omdat dit alleen staan (Jak 2:17-20).*

In 1980 het die Heilige Gees met Roy gepraat oor die persoonlikheid van Vader, ten einde hom te laat begryp dat **Vader alles gedoen het**. Die Heilige Gees het vir Roy gesê: “Jou hemelse Vader is nie 'n Elohim van onderlinge ooreenkomste nie, maar Hy is 'n **Elohim van verbonde**.” Dit was Roy se inleiding tot die feit dat ons gered word deur verbondsbelofte en dat die mens geen inset gehad het in die inhoud, vestiging of sluiting van die reddingsverbond nie.

As ek met jou sou ooreenkom dat alles wat ek het tot jou beskikking is en alles wat jy het tot my beskikking is, dan het ons 'n onderlinge ooreenkoms. Ons kan selfs ooreenkom om ons lewens vir mekaar op te offer, ens. Verstaan egter goed dat 'n onderlinge ooreenkoms tweesydig is **en verbreekbaar**.

In die ou dae, as jy 'n ooreenkoms sou aangaan as familiehoof met 'n ander familiehoof, **sou julle nie ooreengekom het op enigiets buiten verbond sluiting nie**. Daar sou reeds begryp gewees het wat die verbond behels: Dat julle sou sterf vir mekaar en vir mekaar se familie! As een van julle sou sterf, sou die ander verplig wees om te voltooi wat sy bondgenoot begin het. Die vaardighede wat die ander familie het, maar wat jy nie besit nie, is tot jou beskikking – en die vaardighede wat jy besit, maar wat die ander familie nie het nie, is tot hulle beskikking, nie deur begeerte nie, **maar deur behoefte**.


Almal het ook verstaan dat niemand kon weet wat in die toekoms sou gebeur nie. **Die verbond was onverbreekbaar, selfs al sou albei partye wou uittree!**


Om ons posisie met Vader in te sien, dink aan die ouer van 'n pasgebore kind. Die ouer is in verbond met die kind om in al sy behoeftes te voorsien, eenvoudig omdat hy die kind gehad het. Die verbondsreëls vir die kind word eksklusief deur die ouer gemaak, want die kind weet nie wat hy nodig het nie. Die kind lewer geen inset nie! Die kind moet die ouer volkome vertrou vir al sy behoeftes, eenvoudig oor die situasie – nie oor hy dit begryp nie.

Die ouer versorg en bemoedig die kind met liefde en begrip, hopen die kind sal die regte besluite in die lewe neem – deurentyd bewus daarvan dat die kind se optredes beheer word deur sy eie wil.

Verbond is deel van Vader se persoonlikheid, Sy karakter! Toe Hy die mens na sy beeld gemaak het, was Hy reeds in verbond met die mens soos hierbo beskryf (ouer en kind). Vader het sy reëls aan die mens gegee (die kinders van die verbond) in die tuin van Eden. Die mens het gesondig deur nie die neergelegde reëls na te kom nie en was nie meer in staat om vir ewig te lewe soos Vader hom geskape het nie. Omdat Vader die Elohim van verbonde is, het Hy 'n behoefte opgemerk. Hy het die mens uit die tuin gesit en met hom 'n nuwe verbond gesluit, want die situasie het verander. Die verbonde het aktief geraak sodra dit wettig en uitvoerbaar was om te implementeer. Die finale ewige verbond moes gevestig word deur die suiwere, die onskuldige, want Vader is suiwer en onskuldig. Hy moes die sondes van die wêreld op Homself neem, want die mens, die swakker en nou onwettige, kon dit nie doen nie. **Verbond!** Dit is daardie deel van die verbond waar die een met die vermoë, beweeg word **deur die behoefte** om die ander persoon, wat nie die vermoë het nie, te red. Alles natuurlik as gevolg van Verbond en Vader se liefde vir die mens. Weer: Hy is 'n Elohim van verbonde!

Onthou asseblief, Elohim maak al die reëls met geen insette deur die mens nie. Vader is die Een wat weet wat wettiglik moet gebeur om dit te wettig in die howe van die hemel waar dit kom by die redding van die mens van die verwoesting en dood wat in die tuin van Eden gebeur het. Ons as mense is nie in staat om regtig te sien wat werklik in die tuin van Eden gebeur het nie tensy Vader ons die voorreg gun om dit aan ons in die geesteryk te wys. Die rede hiervoor is dat ons vaagweg sien **van binne die gevolge van-wat-gebeur-het** in die tuin van Eden. Dit verg die Heilige Gees om ons in te lig!

Dit bring ons by iets anders wat die Heilige Gees aan Roy gesê het:  **“Jy kan onmoontlik die leringe van Yeshua Messias verstaan, tensy jy verstaan wat in die tuin van Eden gebeur het.”** Die klem was op “onmoontlik”. Hy het geleer dat een van die dinge wat in die tuin van Eden gebeur het, fundamentele **“Verbond!”** was. Dank Vader dat verbond deel is van Sy persoonlikheid!

Nog iets wat die Heilige Gees aan Roy gesê het oor Vader se persoonlikheid wat bydra tot ons begrip van wat in 'n ware belydenis is:  **“YHWH jou Elohim is nie 'n kritiese Elohim nie, maar Hy is die Elohim van absolute waarheid.”** Met beklemtoning op **“absolute.”** Ons moet verstaan dat Vader absoluut is. Hy is **absolute suiwerheid, ver bokant menslike begrip**. Hy is ons Vader van absolute waarheid, absolute genade, liefde, en barmhartigheid. Alles wat Hy doen, ook sy regverdige oordele, is absoluut en suiwer. En Elohim, absoluut suiwer en onskuldig oor wat in die tuin gebeur het, **het 'n absoluut suiwer en “onskuldige” offer en bedekking** nodig gehad vir die bevryding van die mens om vas te kon staan in die hemelse howe.

Daar is niks wat jy kan reinig met iets wat self onrein is nie. As gevolg van wat met die mens in die tuin van Eden gebeur het, sou dus geen menslike bloedoffer, of enige ander aardse offer (werke) kon kwalifiseer nie want sonde het alles op aarde deurdring. Dit sluit gebed in want selfs ons gebede is onrein. **Daarom gebruik Vader Verbond!** Hy het geweet die enigste absoluut perfekte en suiwer offer was sy eie Seun – en daardie suiwerheid word 'n verterende vuur sodra dit blootgestel word aan onsuiverhede.

Roy sê dat toe hy die stem van Elohim die Vader, gehoor het – was dit dieselfde stem wat Moses gehoor het, dieselfde stem wat die kinders van Israel vanaf die berg gehoor het – en toe besef hy Elohim is 'n verterende vuur. Daarom kan jy vandag nog sien dat die berg waarvandaan Hy gepraat het, verbrand was. (Sien *Ron Wyatt: Archaeological Research* op die internet.) Daarom kan Roy getuig dat as ons Vader se stem direk en voortdurend sou hoor, ons sou sterf – verteer as gevolg van ons onsuiverheid.

Samevattend, kan ons dan sien dat deur Vader se absolute volmaaktheid, berus ons redding tot die ewige lewe eksklusief by Hom – **nie in enige poging of werke van ons kant af nie**. Vader sê ons kan slegs in en deur Sy Seun ons redding ontvang, nie deur enige werke van ons kant nie. **Hy is nooit verkeerd nie!** Vader is die Elohim van verbonde en al wat ons kan doen om in verbond met Hom te kom, is om ons eie pogings te laat staan en met Hom saam te stem dat ons 'n Verlosser nodig gehad het en dat Hy een gestuur het. Ons doen dit volgens verbondsbelofte, deur te glo en dit aan 'n ander persoon te bely. Dit openbaar hoe dat saligheid alleenlik deur geloof verkry word.

Die rede vir jou belydenis aan 'n ander *mens* is:

- (a) Omdat *mens* teenoor *mens* in die tuin gesondig het; Dit openbaar die regverdige oordeel van Elohim. **Hy is 'n regverdige Elohim!**
- (b) Yeshua het gesê dat wat ons ook al bind of losmaak op aarde, is gebind of losgemaak in die hemel. Dit skakel in by die Onse Vader gebed: "Vader, vergewe ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe."

Die patroon is om iets op die aarde te vestig, dan is dit in die hemel gevestig. Dit is ook waarom Vader sê ons moet aan mekaar ons foute bely. Dit is Vader se patroon. Dit is "Verbond!"

As gevolg van wat in die tuin gebeur het – en a.g.v. die suiwerheid van Elohim – is dit onmoontlik vir ons as sondige mense, om enigiets (gebede, doop, veranderinge in ons lewens, m.a.w. werke) te produseer wat aan ons die ewige lewe kan besorg want alleenlik die suiwerheid van Vader kon dit doen. Daarom is kerke verkeerd wat beweert iemand gaan hel toe – oor hy/sy na verlossing weer gesondig het. Kerke wandel nie in volkome genade nie en pleeg daardeur die **sonde van veroordeling**.

Leer meer hieroor in die artikel "Regte kant van Genade." Ons word gered tot die ewige lewe deur *verbondsbelofte alleenlik*. Al wat ons kan doen, is om met Vader saam te stem en met Hom in te gaan in daardie verbondsbelofte: "Elkeen dan wat My bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die Hemele is." Dit is slegs deur **Yeshua! Dit is Verbond!** Werke (wette, geboie en insettinge) gaan *alleenlik* oor jou *fisiese beskerming (redding)* hier op aarde, sodat jy hier die deure kan toe hou waardeur satan toegang kan verkry om jou lewe te versuur.

Efes. 2:8-9 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van Vader; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

In der waarheid sê die Bybel hierbo dat ons nie allerhande dinge moet aanhang oor redding nie, maar **daar is een ding wat dit sê ons beslis moet aanhang en dit is ons belydenis!** Redding tot die ewige lewe is gesetel in Yeshua *alleen* en word openbaar in 'n opregte belydenis van geloof – wat ons opper teenoor 'n medemens.

Sommige tot Eer en Sommige tot Oneer

Gered of Nie Gered

'n Sekere evangelis het in vertroulikheid aan Roy gesê dat hy (die pastoor) sy saligheid verloor het en dat hy hel toe gaan, want hy het owerspel gepleeg. Verstaan goed, ons predik nie "eenmaal gered, altyd gered" nie, want jy kán jou saligheid verloor. Dit kan egter nie gebeur op die wyse wat baie kerke verkondig nie.

Roy was deur Elohim na 'n kleinerige gemeente gestuur om 'n praatjie te lewer. Hy het beplan om oor die meganika van verlossing te praat, maar die Heilige Gees het hom aangesê om eers sekere vrae te vra. Hy was geskok oor die mense se antwoorde.

Hy het van die preekstoel af gevra: "As 'n man deur daardie deur gestap kom en hy stap met hierdie paadjie langs en hy doen by hierdie altaar wat ook al julle verlang hy moet doen om gered te word, sal hy gered wees?"

Hulle het aangedui: "Ja."

Hy het gevra: "As hierdie persoon die volgende week nie kerk toe gekom het nie, sou hy steeds gered wees?"

"Ja," het hulle gesê.

Hy het gevra: "En as hy die hele volgende maand nie sou kom nie?"

"Ja," was die antwoord, maar nou met huiwering.

Toe vra hy: "En as hy vir drie tot ses maande wegbly?"

"Nee," het hulle gesê.

Hy het toe gevra: "Hy is nie meer gered nie, net oor hy nie meer teruggekom het kerk toe nie?" Hulle antwoord was dat hy nie meer gered was nie, omdat hy nie voortgegaan het met Vader nie.

Roy het dus daar voor mense gestaan wat nie redding van iemand se gees geskei het van redding in die fisiese nie. **Hulle het geglo in verlossing van die hel deur werke!**

Efes. 2:8-9 "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van Vader; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

Hier moet ons nou kyk wie is in Yeshua se koninkryk en Sy huis.

Mat. 5:19 "Wie een van die geringste van hierdie gebooië breek en die mense só leer, sal die minste genoem (geag) word in die koninkryk van die hemel; maar elkeen wat die wet gehoorsaam en ander so leer, sal groot genoem (geag) word in die koninkryk van die hemel.

In hierdie Skrifte sien ons 'n beginsel dat as iemand nie Vader se gebooië nakom nie, Sy wil, word hy nie uit die koninkryk gesmyt nie, maar word genoem die "geringste in die koninkryk". Hoekom? Want Yeshua se bloed bedek die sonde van ongehoorsaamheid wanneer dit kom by redding van die hel. Sy of haar Bruidskap is wel in die gedrang weens ongehoorsaamheid – nie sy/haar ewige lewe nie.

Voorwerpe

II Tim. 2:19-21 19 Nogtans is die fondament wat Vader gelê het met hierdie woorde verseël: Vader ken dié wat aan Hom behoort; en elkeen wat die naam van Messias aanroep, moet afstand doen van die ongeregtheid. 20 In 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei, sommige tot eer, maar ander tot oneer. 21 As iemand hom dus van die ongeregtheid reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, afgesonder en bruikbaar vir Vader, voorberei vir elke goeie diens.

Hier sien ons voorwerpe tot eer en voorwerpe tot oneer in Vader se huis! Vers 19 verklaar dat iemand wat die Naam van Yeshua aanroep, gered is. Dan word hulle aangesê om af te wyk van ongeregtheid (ongehoorsaamheid, verbreking van die wet). Hulle word egter nie uit Vader se huis gegooi wanneer hulle nie afstand doen van ongehoorsaamheid nie. Hulle word voorwerpe tot oneer in Vader se huis, maar hulle is steeds in dieselfde huis. Is hierdie 'n lisensie om Vader se wette te verbreek? 'n Besliste **NEE!** Dit blyk duidelik uit hierdie brief van Paulus dat Vader ons geroep het om voorwerpe tot sy eer te wees, geskik vir sy gebruik. Paulus sê ons as gelowiges moet die die wet vestig (Vader se wette) – Rom. 3:31 *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.*

Vader roep ons om opreg voor Hom te wandel in Gees en in Waarheid, maar sonde veroorsaak nie dat ons – wat reeds gered is – ons ewige lewe verloor nie. Die **Bybel is baie duidelik daarvoor dat almal sondig.** Laat almal van hulle wat nog nie gesondig het sedert hul gered is nie, na vore kom! Jy verloor nie die ewige beloftes deur sonde nie. Byvoorbeeld, in I Kor. 5 het Paulus die sonde van iemand in die gemeente van Korinthe aangespreek. In vers 5 gee Paulus die volgende instruksies: "...om so iemand aan die satan oor te lewer sodat sy vleeslike aard vernietig kan word, sodat sy gees gered kan word op die dag wanneer Yeshua kom." Die persoon het nog nie sy redding verloor nie, hy het die stryd teen sy eie sondige aard verloor.

Jy sien, sy gees was wedergebore, maar nie sy siel nie. Hy het nog nie sy eie redding bewerkstellig in die sielsarea en fisiese realm nie. Paulus het eintlik gesê: "Gee hom aan die duiwel oor sodat sy sondige aard (sielsbegeertes) vernietig kan word (deur teistering), voordat hy in sy sondigheid julle en ander vernietig en dan ook Yeshua verloën – en so die ewige lewe verloor."

Yeshua se bloed bedek ons sondes aan weerskante van die kruis. Aan weerskante, van die oomblik af toe ons gered is, m.a.w. voor ons redding én daarna. As jy sê Yeshua se bloed bedek die sondes wat ons gedoen het vóór ons redding, maar nie dié wat ons gedoen het na ons redding nie, **dan beweer jy Yeshua het halwe werk gedoen en nie al die mens se sonde op Vader se altaar bedek nie!**

Elohim het nog altyd mense versoek om sy gebooië te gehoorsaam, want Hy weet dat wanneer iemand sondig, bring dit die dood in situasies. Hy het ons lief en wil nie dit moet met ons gebeur nie.

Dus verwysend na die evangelis wat vir Roy gevra het of hy op pad hel toe is a.g.v. sy owerspel, het Roy gesê: “Beslis nie!” Hy het egter ’n voorwerp van oneer in Vader se huis geword, maar hy is steeds in Vader se huis.

Wat moet ons oor die Messias bely?

Roy hulle se bediening was gevra: Wat van die volgende tipe belydenis?

“Ja, ek glo Yeshua is die Seun van Vader en ek glo Vader het Hom uit die dood opgewek, MAAR ek glo nie sy dood het vir ons sondes betaal nie. Ek dink ons almal sal geoordeel word oor ons sondes.”

Paulus sê egter in Rom. 10:9 *dat as jy met jou mond Yeshua bely en in jou hart glo dat Vader Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.* (!)

Paulus leer hier dat ons moet vestig wie Yeshua is in ons belydenis aan ’n ander persoon en terwyl ons dit doen, moet ons in ons hart glo dat Vader Hom uit die dood opgewek het. Dit is onmoontlik om te verklaar wie Yeshua werklik “is” sonder om te glo dat Vader Hom uit die dood opgewek het. Roy moedig mense aan om voort te gaan en mense te vra of hulle glo dat Vader vir Yeshua uit die dood opgewek het. Dit bevestig of openbaar dat in daardie persoon se gedagtes en hart die korrekte geloof is, naamlik dat Yeshua Elohim se Seun en Redder van die wêreld is! **Ons hoef nie alles te verstaan wat dit behels nie, dank Vader daarvoor!**

Dit lyk asof die vraesteller hierbo sy eie spesifieke leerstellige geloof by sy belydenis gevoeg het. (Miskien weet jy dalk wat die rede is.) Hy glo nie dat Yeshua ons sonde op die kruis geneem het nie. Dit is ’n vals geloof oor wat Yeshua gedoen het en nie ’n vals geloof oor wie Hy is nie. Dink byvoorbeeld aan die geloof dat Yeshua nie genees nie. Daar is baie gelowiges daarbuite wat nie glo dat Yeshua genees nie. Dit is egter ’n Bybelse feit dat as hulle bely dat Yeshua die Seun van Vader is en dat Vader Hom uit die dood uit opgewek het (vestiging dat Hy die Redder van die wêreld is), dan is hulle nogtans gered. Sommige van hulle hou egter vas aan ’n vals geloof dat ‘Hy nie die geneser is nie’ al het Hy daarvoor voorsiening gemaak aan die kruis.

Die mens verstaan nie werklik alles wat Yeshua vir ons aan die vloekhout gedoen het nie. Daar was bv. ’n offer wat jy in die tempel kon doen vir ‘*gebrek aan kennis*’. Dit beteken dat dit ’n sonde was. Yeshua se bloed bedek daardie persoon se sonde van gebrek aan kennis. Jy mag dalk vra: “Waarom bedek dit dan nie die gebrek aan begrip dat Yeshua die Seun van Elohim is nie?” Vader het bepaal dat ’n persoon *uit vrye wil* moet aanvaar dat Sy Seun is wie Hy is en dat hy dié feit teenoor ’n ander mens moet bely om in verbondsooreenkoms met Hom te kom om daardie sonde (en alle ander sonde) te bedek!

Die Bybel sê geloof in Vader is om te glo dat Hy is (dat Hy bestaan). Dit beteken nie dat ons alles hoef te verstaan wat Hy ‘is’ en alles wat Hy gedoen het nie. Net dat Hy bestaan. As jy glo Yeshua ‘is’ en dat Hy lewe en sit aan die regterhand van Vader, dan glo jy dat Hy bestaan. Ons glo dit geld daarvoor om te bely wie Yeshua ‘is’ in Paulus se lering oor hoe saligheid verkry word, maar dit geld nie daarvoor om alles omtrent Hom en alles wat Hy gedoen het te verstaan nie. Niemand weet dit nie! Die sleutel tot die regte belydenis is om deur jou belydenis dit op aarde te vestig dat Hy die Seun van Vader is en die Redder van die wêreld.

Laat ons simbolies na die visioen kyk wat Roy ontvang het oor sy vrou. Hy het sy vrou gevra of sy glo dat Yeshua die “Brood van die Lewe” is. Impliseer hierdie woorde nie “Redder van die wêreld nie”? Dan was daar ook verwysing gemaak na die bloed van Yeshua, wat die Verbond verteenwoordig wat Hy gevestig het dat Sy regverdige bloed sonde bedek. Dit impliseer dat Hy die Redder is!

Nadat al hierdie dinge gesê is, sê Roy dat die evangelis gered is deur sy belydenis, maar dat hy nie alles verstaan wat Yeshua vir ons gedoen het nie.

Sommige mense glo en sê dat Yeshua die Seun van Vader is, maar ook glo hulle Hy was maar net ’n profeet. As jy jousef in die posisie bevind waar jy vermoed die persoon wat gevra word, glo dalk nie Yeshua is wie Hy werklik is nie, vra hom/haar: **“Glo jy Yeshua was Elohim gemanifesteer in die vlees?”**

I Tim. 3:16 *En dit is onbetwisbaar dat Godsaligheid 'n misterie is: Vader het in die vlees gemanifesteer, is geregtig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die nasies, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid.*

I Joh. 4: 2, 3 *Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Yeshua in die vlees gekom het, is uit Vader; en elke gees wat nie bely dat Yeshua Messias in die vlees gekom het nie, is nie uit Vader nie; en dit is daardie gees van die Antichris, van wie julle gehoor het dat hy sou kom en hy is nou al in die wêreld.*

Daarmee is die saak afgehandel !

Wat van Yeshua se reaksie wanneer iemand Hom in sy hart innooi?

Roy sê dat hy gesien en ervaar het hoe dit Yeshua beweeg wanneer iemand Hom in sy hart innooi. Yeshua reageer, want dan is daardie deur oopgemaak. Hy het altyd gedink: “Vader weet wie ek is, Hy het my gebede verhoor, ek't Hom gevoel, daarom is ek geestelik reg.” Hy het egter uitgevind dit is nie waar nie. Mense ondervind liefde tydens hierdie ervarings, want Vader is Liefde. Om Vader te laat beweeg en Hom te ervaar, beteken egter nie jy is gered nie. Roy het Vader ervaar en Hy het met hom (Roy) gepraat nog **voor** hy gered was, **voor sy gees wedergebore was!** In Mat.7:21-23 sê Yeshua: *21 “Nie elkeen wat vir My sê: ‘Meester, Meester!’ Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. 22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie wonders gedoen nie? 23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die ongeregtigheid bewerk.”* Om te kan profeteer is 'n gawe en hierdie mense waarvan Yeshua praat, het daardie gawe van die Heilige Gees ervaar, en hulle het ook die krag van sy Naam ondervind. Tog sê Yeshua Hy ken hulle nie!

Die persoon wat Roy in die hel gesien het, het 'n gawe van die Heilige Gees gehad, die gawe van wysheid! Elkeen het een of ander beweging van Vader in hulle lewe gehad voordat hulle gered is. Dit is omdat niemand werklik in Yeshua glo sonder dat die Heilige Gees aan hom openbaar “wie Hy is” nie. Ons moet besef dat net omdat Vader in mense se lewens beweeg, beteken nie hulle is gered nie!

Wanneer is jou gees wedergebore?

Die oomblik wat jy jou geloof in Yeshua aan iemand anders verklaar (bely), is jou gees gered. Dit is 'n Verbondsbelofte! Mits jy fyn oplet, kan jy voel hoe jou gees weer gebore word. Die gevoel is 'n baie ligte skok, asof 'n vonkie elektrisiteit deur jou gaan. **Dit is so omdat jy 'n “geestelike wese” is en die verandering in jou gees is 'n werklikheid!** Toe Roy vir Vader hieroor uitgevra het, het Hy gesê: *“Lig kan nie duisternis ongesiens binnedring nie.”* Jy is 'n “geestelike wese” en Yeshua het gesê ons moenie daarvoor verwonderd wees dat ons uit die Gees moet wedergebore word nie...

Joh. 3:5-7 *5 Yeshua antwoord: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy die koninkryk van Elohim nie ingaan nie. 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees en wat uit die Gees gebore is, is gees. 7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.”*

I Joh. 4:15 sê: *“Elkeen wat bely (verklaar) dat Yeshua die Seun van Elohim is – Vader bly in hom en hy in Vader.”*

Hierdie skrifgedeelte openbaar wanneer jou gees wedergebore is: met jou **belydenis** (verklaring van geloof) aan 'n ander mens. Dit is **die enigste manier hoe dit gebeur!** As 'n ander persoon, aan wie jy die vraag vra, nie kan hoor of praat nie, kan sy/haar belydenis geskryf word of die persoon kan jou hand as bevestiging druk. Jy kan vir die persoon sê of dit neerskryf: “Druk my hand drie keer as jy glo dat Yeshua die Seun van Vader is en dat Vader Hom uit die dood opgewek het. Druk my hand twee keer as jy dit nie glo nie.” Dit is hoe eenvoudig dit is! Wat jy glo moet aan 'n ander mens bevestig word om Vader se verbond te aktiveer en om jou gees deur Hom weer gebore te laat word. Die volgende twee getuïenisse bevestig wanneer jou gees wedergebore is.

Elohim demonstreer wanneer jou gees wedergebore is!

Vader het Roy na 'n gemeente toe gestuur waar Vader die pastoor vertel het daar is fout met die reddingsproses. Die dag toe die pastoor dit aan Roy vertel het, het hy geweet dit was Vader se wenk aan hom om die pastoor te leer wat Hy vir hom (Roy) geleer het. Toe Roy dinge klaar met hom gedeel het, was hy gedring om te sê: "Vader sal aan jou demonstreer wat ek jou geleer het."

Die pastoor en sy vrou het gelyk of hulle verstaan hoe die verbondsbelofte werk. Hulle het daarna begin om 'n geloofsbelydenis uit mense te trek elke keer as hulle 'n kans gekry het. Hulle het dit selfs oor die foon ook gedoen, en ook met mense wat hulle gedink het, tevore gered was. Die gemeente het begin groei. Vader het bygevoeg, maar Roy is nie seker of hulle toe geweet het waarom nie.

Die dag van Elohim se beloofde demonstrasie aan daardie pastoor het gouer gekom as wat Roy verwag het. Hy het geen idee gehad hoe Elohim sou demonstreer nie, tot dit vlak voor hulle oë gebeur het. Die pastoor het daardie dag lering gegee oor hoe om 'n visie vir jou lewe te kry en hy het diegene wat een wou hê, gevra om vorentoe te kom vir bediening. Twee parallelle rye het voor die kansel gevorm, een agter die ander.

Die pastoor het die eerste persoon begin bedien, toe hy 'n spesifieke jong dame in die agterste ry banke opgemerk het wat nog nooit in die kerk was nie. Hy het gestop en haar gevra om na vore te kom. Sy het. Hy het aan haar gesê: "Ek wil jou net 'n vraag vra: Glo jy dat Yeshua vir jou sondes gesterf het en dat Vader Hom uit die dood opgewek het?"

Sy het gesê: "Ja."

Hy sê toe: "Dit is al wat ek wou weet."

Sy het teruggestaan tot in die tweede tou terwyl die pastoor voortgegaan het om aan die voorste ry te bedien. Die meisie het begin huil. Sy het werklik hard gehuil teen die tyd wat hy haar in die agterste ry bereik het. Sy het gesê dat sy nie weet wat verkeerd is nie en dat sy nooit huil nie. Hulle was egter almal besig om te kyk na iemand *wat nooit huil nie*, maar wat nou gehuil het oor sy 'n eenvoudige vraag beantwoord het! Almal van hulle wat werklik die meganika van redding verstaan het, het geweet hoekom sy huil: Haar gees was gered, maar haar siel het nie geweet wat gebeur het nie. Selfs Roy was verstom oor Elohim se openlike demonstrasie!

Vader het gedemonstreer hoe eenvoudig dit is. Hulle wat maklik verstaan, het gesien wat gebeur het, maar hulle wat nie werklik in hulle siele verstaan het nie, het gemis wat eintlik plaasgevind het.

Nog 'n demonstrasie van wanneer jou gees wedergebore is:

In Roy se eie woorde: "n Vriend van my het 'n oom gehad wat siek was met kanker. Ons was almal by 'n Volle Evangelie Sakemannevergadering. Die spreker het sy boodskap voltooi en gevra of enigiemand bediening nodig het. My vriend se siek oom was eerste in die tou. Die spreker het hom gevra of hy gered was. Die oom het 'n bietjie draaie gegooi, dus het die spreker hom gelei deur 'n sê-agter-my-aan-gebed van redding. Toe het die spreker vir die genesing van die kanker gebed en voortbeweeg na die volgende persoon in die ry. My vriend het sy oom op die skouer getik en gesê: "Gaan vertel die eerste persoon wat jy teenkom, Yeshua is Elohim."

Die oom het nie na die eerste persoon toe gegaan wat hy gesien het nie, maar hy het eindelijk ('n bietjie tyd het verbygegaan) tog na iemand toe gegaan en gesê: "Yeshua is Elohim." Die oomblik wat hy dit gesê het, het hy **skielik lewe gekry** en hom gehaas na sy vrou toe en vir haar gesê: "Yeshua is Elohim!"

Dit is nie die volle verhaal nie! My vriend het hom na die byeenkoms, op pad huis toe, gevra: "Wanneer het die Gees van Elohim jou liggaam binnegegaan?"

Hy het geantwoord: "Toe ek vir daardie persoon gesê het: 'Yeshua is Elohim.'"

Wat in werklikheid gebeur het, was dat sy gees gered was die oomblik van sy belydenis van geloof aan 'n ander mens. Dit het NIE gebeur met of tydens die sê-agter-my-aan-gebed nie. My vriend het veroorsaak dat hy Yeshua se verbondsbelofte van Mat. 10:32 op die proef gestel het.

Waterdoop: Wat dit IS en – wat dit NIE is nie!

Daar is baie leerstellings in die gelowige wêreld oor die “waterdoop”. Dit is van die **verdelende gereedskap** wat deur mense gebruik word om te sê “**ons glo anders**”. Dit is niks nuuts nie, want dit was een van die dinge wat Paulus in die vroeë gemeentes teekom het en moes hanteer.

1 Kor. 1:11-18 *Want dit is deur die huisgenote van Chloë aan my vertel dat daar twiste onder julle is, my broeders. Ek bedoel, dat een van julle sê: “Ek is vir Paulus;” of ’n ander: “Ek is vir Apollos;” of ’n ander: “Ek is vir Céfas;” en nog een: “Ek is vir Messias.” Is Messias verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop? Ek dank Vader dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gaius. Niemand van julle kan dus sê dat ek in my naam gedoop het nie. Verder het ek ook nog die huisgesin van Stefanus gedoop, maar andersins weet ek nie van nog iemand wat ek gedoop het nie. Want Messias het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig en dit nie met woorde van menslike wysheid nie, sodat die kruisoffer van Messias nie kragteloos sou word nie. Want die boodskap van die kruis is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van Elohim.*

Kan jy in bg. Skrifte die **verdeeldheid** sien wat veroorsaak is deur die sogenaamde wysheid van mense? Paulus openbaar ook hier dat **verdeeldheid werk teen die krag van die offer aan die kruis**. Daar is party leringe in die wêreld wat beweer jy moet in water gedoop word, anders sal jy in die hel beland. **Dit werk teen die krag van die kruisoffer**, want doop het reeds plaasgevind nog vóór die kruisiging van Messias!

Gelowiges moet hierdie baie eenvoudige feit bese: **As die waterdoop jou kan red, was die kruisiging nutteloos**. *Dan het Yeshua verniet gesterf!* Dit is waarom Paulus sê al **die geredetwis maak die kruisoffer kragteloos**. Toe Vader vir Roy hieroor onderrig het, het hy uitgevind dat daar destyds in die berge sektes van die Judeërs gewoon het, waar hulle alreeds die waterdoop toegepas het. Dit is waar Johannes die Doper vandaan gekom het. Hierdie spesifieke Judeërs het Vader gehoor en was gehoor-saam aan Hom in hierdie saak. Yeshua se eie waterdoop bevestig dat daardie Judeërs reg was in wat hulle gedoen het. Dit het alles voor die kruisiging van Yeshua gebeur.

Mat. 3:14-15 *Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: “Ek moet na regte deur U gedoop word en U kom na my toe?” Maar Yeshua het geantwoord: “**Nogtans moet jy dit nou doen, want ons moet alle geregtigheid vervul.**” Hierna het Johannes ingestem.*

Ons sien uit wat Yeshua gesê het, die doop is ’n daad van geregtigheid. ’n Sondelose Man was daarop uit om sy hemelse Vader te gehoorsaam, net om geregtigheid te vervul. Yeshua self het egter nooit iemand gedoop nie, maar sy dissipels het.

Joh. 4:1-2 *Toe Yeshua verneem het dat die Fariseërs gehoor het dat Hy meer dissipels maak en doop as Johannes – terwyl dit nie Yeshua was wat gedoop het nie, maar sy dissipels – het Hy Judea verlaat en weer na Galilea gegaan.*

Yeshua het nooit iemand in water gedoop nie, want Hy doop met die Heilige Gees, ’n onblusbare vuur... Die waterdoop maak heeltemal sin wanneer jy verstaan dat dit simbolies is van Vader se aksie om sonde deur die sondvloed te bedek. Toe die vroeë Judeërs, voor die kruisiging, waterdoop beoefen het, het hulle deur ’n daad simbolies voor die wêreld en Vader erken **dat daar net een Elohim is, dat sy Woord waar is en dat Hy wel die sondige mens met water bedek het** – met die uitsluiting van Noag en sy gesin. Dit is dieselfde vir ons na wat by die kruis gebeur het. Yeshua sê ons moet in water gedoop word, maar wanneer ons sê dit is nodig vir die Ewige Lewe, kom ons eintlik te staan teen die **krag van die kruis**.

Paulus het min mense gedoop. Yeshua het niemand gedoop nie, maar Hy het gesê dit moet gedoen word om geregtigheid te vervul. Ons moet bese die moordenaar aan die kruis langs Yeshua, vir wie Yeshua gesê het hy sal op daardie selfde dag saam met Hom in die Paradys wees, is gered, sonder dat hy gedoop was. Hy het bloot aan ’n ander persoon op aarde ’n belydenis van sy geloof gemaak – ironies genoeg aan Yeshua self!


Daardie man het gesterf en het na die boonste deel van die hel gegaan wat genoem word Abraham se boesem. Dit is hier waar Abraham en al die ander wat dit gemaak het was. Toe Yeshua Sy doelwit aan die kruis vervul het, het hy na die laagste deel van die hel gegaan en wettiglik die sleutels van die dood en die hel van die vyand van die mensdom af weggevat. Toe het Hy almal in Abraham se boesem uit die boonste deel van die hel bevry. Sommige van hulle was tydens die gebeurtenis van die kruisiging op aarde gesien waar hulle deurbeweeg het hemel toe. Die man wat op die kruis langs Yeshua gesterf het, was een van hulle. Die ander man aan die anderkant van die kruis en wat Yeshua bespot het, is steeds in die onderste deel van die hel tot op hierdie oomblik. **Die krag van Vader se reddende genade was by die kruis**, nie in “doping met water nie” wat in elk geval voor of na die kruisiging plaasgevind het! Die waterdoop is eenvoudig ’n daad van geregtigheid wat ons moet vervul.

Dit is jammer dat kerke toegelaat het dat die “waterdoop” ’n stuk gereedskap word om te kan sê: **“Ons is anders”**, en **sodoende die aandag aftrek van dit wat werklik by die kruis gebeur het**. Die komende vlekvrige gemeente sal dit nie doen nie. Dit sal gloei in die waarheid van wat Vader bedoel het met sy Woord. Hoe sal dit gebeur? Nie deur krag of geweld nie, maar deur die Gees van Vader wat waarheid openbaar. Vader se kinders sal aangetrek word na die Waarheid toe. Die sleutel is dat ons gewillig moet wees om ons eie leringe te los en dan die durf te hê om met Vader saam te beweeg. Die waterdoop is eenvoudig ’n aksie van geregtigheid wat ons moet vervul. **Dit moet nie as gereedskap vir verdeeldheid gebruik word in die liggaam van Messias nie!**

Om iemand altaar toe te pamperlang kan ’n slagat wees!

Moenie verkeerd verstaan nie. Uitnodigings na die altaar is reg vir baie geleenthede, maar ons moet besef hierdie gebruik kan ook ’n reuse slagat wees. Soos wat Vader vir Roy oor die ‘*meganika van verlossing tot die ewige lewe*’ onderrig het, het Hy hom na baie kerke toe geneem – om aan hom die slaggate van belydenisse te wys. Terwyl hy van hierdie slaggate geleer het, het hy meer en meer begrip gekry oor die korrekte wyse van belydenis en – hoe eenvoudig dit eintlik is! Hy was naderhand oorweldig deur al die slaggate wat Vader hom in al die verskillende kerke gewys het. Hy het oor hulle gemediteer en aan Vader gesê Hy was besig om hom meer te belas as wat hy kon dra. Roy het Vader daaraan herinner dat die Skrif sê Hy sou dit nie doen nie. Hy het gesoek na enigiets wat kon help vir die oorweldiging wat hy ervaar het.


Toe besef hy dat hy van een gemeente weet wat blykbaar die regte idee gehad het omtrent die belydenis van geloof teenoor iemand anders – al het hulle nie werklik die volle konsep verstaan nie. In sy frustrasie oor alles wat Vader hom gewys het, het hy aan Yeshua gesê: “Ten minste hoef ek nie met hierdie gemeente te doen te hê nie.” Wel, Yeshua het juis hierdie spesifieke gemeente met hom opgeneem! Hy het ’n man gebruik wat Roy se buurman was met die naam van John. Vader het ’n persoonlike vriend van Roy na vore gebring, wat hom ingelig het oor John se bywoning van ’n spesifieke tipe kerk by ’n sekere geleentheid. John het slegs een maal in ’n skrikkeljaar kerk toe gegaan. Roy is vertel van ’n man wat dwarsdeur ’n baie lang altaaruitnodiging bly sit het. Die gasspreker het agtergekom dat daar iemand was wat redding nodig gehad het. Roy het vermoed die spreker het geweet wie dit was. John het nooit vorentoe gegaan nie. Nadat sy vriend hom hierdie informasie gegee het oor John, het hy besef Vader wou hê dat hy (Roy) moes weet van hierdie man – met ’n doel. Omtrent gedurende hierdie tydperk het Roy ’n nagvisioen gehad:

 In Roy se eie woorde: “*Ek het ’n man sien sit in ’n kerkbank, langs ’n paadjie. Die klavier het strelend gespeel, uitnodigend: ‘Just as I am... I come, I come.’ Daar was ’n altaaruitnodiging deur die pastoor en hy het gesê daar was iemand wat na vore moes kom. Die man wat ek dopgehou het, het nie vorentoe gegaan nie.*”


“In die toneel het Vader my nie gewys waarom die man nie vorentoe gegaan het nie. Was dit sy persoonlikheid of miskien ’n geestelike invloed? Was dit oor hy nie geglo het nie? Het die pastoor deur die Heilige Gees geweet dat dit hierdie man was wat vorentoe moes kom? Baie moontlik! In ieder geval, die ding waarop ons moet let en wat Vader my gewys het, was dat die pastoor ’n geloofsbelydenis by die man moes gekry het. Hy kon dit gedoen het deur direk na hom te stap en hom te vra, of deur elkeen in die vertrek te vra en so te verseker dat daardie man ook sou antwoord.”

Vader was besig om my te wys dat die tradisie van hierdie spesifieke kerk (wat dit blykbaar gedeeltelik reg gehad het) om mense uit te nooi altaar toe, veroorsaak dat mense saligheid in hulle kerk misloop en dat daar op hierdie oomblik gelowiges uit hierdie kerk in die hel is, oor hulle om watter rede ook al, nie belydenis afgelê het nie.

“Daardie man is ’n paar jaar gelede oorlede en ek het alle rede om te glo hy is in die hel op hierdie oomblik. ’n Aaklige gedagte, nie waar nie? Ek hou selfs nie eens daarvan om dit hier te skryf nie – ek het die man geken. Jy kan besluit of ek reg is. Dit is die rede waarom ek gereken het hy was ’n gelowige wat dit nie gemaak het nie a.g.v. hierdie bepaalde tradisie en gebrek aan kennis in kerke en evangeliese kringe.

“In ’n ander visioen  het Yeshua my toe ’n ander man gewys, vir wie ek Joe sal noem, wat nog lewe, en John, van wie ek gepraat het en wat dood is. In die visioen het albei mans dieselfde probleem ondervind om deur ’n opening te gaan, ’n deurloop, wat onmoontlik was om op natuurlike wyse deur te gaan. Ek is gewys dat ek die man wat nog lewe (Joe) deur die opening kon trek. In die toneel het die man wat ek John genoem het, niemand gehad om hom deur daardie selfde deurloop te trek nie.

“Om terug te keer na my vriend toe wat vertel het van John wat nie wou vorentoe gaan nie, is dit duidelik dat as die gasspreker net die regte vrae aan hom gestel het, kon hy John ‘deurgetrek’ het. Ek weet die man wat ek Joe noem (die man in die visioen wat nog lewe), was by elke kerk in die klein dorpie waar hy woon. Hy het hulle almal vir ’n ruk bygewoon, ingesluit die kerk wat John besoek het. Hy was soekend, of hoe? Ek het deur die nagvisioen geweet dat hy nie gered was nie. Ek het Joe se persoonlikheid en sy posisie in die gemeenskap geken. Ek kon sien waarom hy dalk nie sou vorentoe gaan nie, selfs al wou hy. Buitendien het sommige van die kerke wat hy probeer het, geen altaar uitnodigings gehad nie. Ek was vasbeslote om Joe te besoek en ’n belydenis van hom te kry. Sonder om in enige detail in te gaan – sy antwoord was ’n sterk: “Ja!” Prys Vader!”

Ons wil dit duidelik maak dat ’n geestelike invloed (bose gees) iemand kan verhoed om ’n belydenis van sy of haar geloof in Yeshua te maak. Hier volg nog ’n nagvisioen wat Roy ontvang het – in sy eie woorde: 

“Daar was ’n man en ’n vrou wat op ’n rusbank gesit het. Ek was half gebukkend oor hulle, in hulle gesigte, by wyse van spreke. Ek was besig om hulle oor en oor hierdie vrae te vra: “Glo julle dat Yeshua die Seun van Elohim is, ens.” en “Glo julle dat Elohim Yeshua uit die dood opgewek het?” Na elke vraag het hulle probeer antwoord, maar kon nie praat nie. Die naaste wat hulle kon kom was: “Hmm...” Hulle het ineengekrimp om weg te kom van my af. Ek was aanhoudend in hulle gesigte, eisend: “Ek wil ’n ‘ja’ of ’n ‘nee’ antwoord hê! Uiteindelik, nadat hulle genoeg gehad het, het hulle deurgebreek met ’n helder: “Ja!” Onmiddellik, toe hulle sê “Ja!” spring albei van die bank af op, lewendig! is al wat ek kan sê, net lewendig! Hulle was bevry!”

Geestelike magte kan ’n opregte belydenis verhinder om geuiter te word. Gelowiges behoort te beseef hulle is in ’n oorlog, of hulle dit wil glo of nie. Daardie oorlog vind plaas in die geesteryk en hier is dit belangrik dat die leser beseef *ons is in die eerste plek geeste!*


Roy het ’n ander getuienis wat te doene het met die onderwerp onder bespreking. Hy het eendag aan ’n pastoor een van sy eerste opnames oor Redding gegee. Nadat hy daarna geluister het, het die pastoor gesê dit is “te dogmaties” en hy het selfs openlik voor ’n gemeente te velde getrek teen dit wat Roy gesê het. Die ironie is dat sy eie getuienis beslis gewys het dat wat die profeet gesê het, waar was. Hier is min of meer wat met die pastoor gebeur het:

Hy was in die leër op ’n eiland. Daar was ’n herlewing waarheen hy omgepraat was om te gaan. Hy het gesê dit het gevoel asof dit vir ewig aanhou. Hy het dit verskeie kere bygewoon. Wanneer die altaaruitnodigings gekom het, wou hy vorentoe gaan, maar iets het sy voete vasgehou. Dit was asof hulle aan die vloer vasgegom was. Hy het maar altyd agtergebly. Uiteindelik een aand, toe die uitnodiging gekom het om vorentoe te gaan, en sy voete weer aan die vloer gegom was, het ’n pastoor gekom, sy hand op sy skouer gesit en gevra: “Wil jy nie vorentoe gaan sodat Yeshua jou kan red nie?” Op sy: “Ja” antwoord aan die pastoor, is sy voete onmiddellik bevry. Hy het altaar toe gehardloop en ’n wonderlike ondervinding met Yeshua gehad.

Dit is duidelik dat hy sy geloof gevestig het deur dit aan 'n ander persoon te bely dat Yeshua die Redder is, want hy was nie net gered nie, maar ook bevry! Wat 'n jammerte dat hy nie opgemerk het wanneer sy saligheid werklik gebeur het nie. Hy sou natuurlik sy leerstellings moes prysgee om dit te kon doen.

Jy kan met al hierdie getuïenisse oor altaaruitnodigings, ens., beter sien waarom die tradisies van mense die krag van Elohim nutteloos maak. Soos jy gelees het in: **Wat is 'n Ware Belydenis?** het Vader vir Roy gevra: **“Wat gaan jy doen by My altaar wat My Seun nie reeds by Golgota gedoen het nie?”** Die vorige getuïenisse verbreed ons siening van hierdie besondere saak en openbaar 'n belangrike slagwat wat kan verskyn a.g.v. die gebrek aan begrip en 'n tradisie wat in baie kerke en evangeliese dienste bestaan. Om hierdie afdeling mee af te sluit, kan ons net sê: “Vader, help ons as gelowiges om die geleentheid te herken waar ons iemand deur daardie deurloop kan trek wat onbegaanbaar is a.g.v. geestelike of leerstellige hindernisse.”

Elohim openbaar hoe na aan Roy die probleem was

Elohim het lank daaraan gewerk om vir Roy te laat insien hoe ernstig dit was wat Hy hom geleer het aangaande redding. Hy het geweet dit was ernstig wat die kerk as 'n geheel betref, maar hy het nie besef hoe naby die probleem aan homself persoonlik was nie.  Vader het aan hom 'n droom gegee waarin dit aan hom gewys was dat hy sou lering gee in 'n kerk, in 'n sekere straat, in 'n sekere dorp en nadat dit verby was, sou hy lering gee aan iemand van die vroulike geslag. Roy het die droom interessant gevind, dus het hy na daardie dorp toe gegaan en in daardie straat afgery. Toe vind hy uit daar is geen kerk nie, nêrens nie. Hy dag toe by homself: “Ag, dit moes 'n simboliese droom gewees het.” Hy is huis toe en het spoedig van die droom vergeet. Omtrent ses maande later het vriende hom genader om by 'n nuwe kerk wat hulle begin het te praat en ja – dit was in daardie dorp en in daardie straat!

Dit het hom opgewonde gemaak, want toe het hy die droom onthou. Hy het hulle nie weggewys nie. Hy het by daardie kerk party dinge wat Vader hom gewys het oor die eindtyd met hulle gedeel. En by gebrek aan iets anders het hy van wat Vader aan hom oor saligheid geopenbaar het, ook met hulle gedeel. Die diens was kort daarna beëindig. Roy het rondgehang om die vroulike persoon van sy droom te sien verskyn, sodat hy aan haar lering kon gee. Die vertrek was naderhand amper leeg en hy het gedink: “Ek verstaan dit nie. Die eerste deel van die droom is bewaarheid. Waar is die vrou?” Toe het hy sy goed bymekaar gemaak en koers gekry na sy kar toe. Hy was in die parkeerarea toe hy 'n snikstem langs hom gehoor sê het: “Roy, ek weet nie of ek gered is nie.”

Geskok oor wie dit was, het hy gevra: “Wat bedoel jy?”

Huilend het sy herhaal: “Ek weet nie of ek gered is of nie.”

Hy was buite homself, want hierdie dame was in die gebedsgroep wat hy begin bywoon het. Sy was in die kerk waar Roy grootgeword het en hulle het verskeie kere saam gebid. Hier was sy nou, buite beheer, snikkend soos 'n kind. Wetende wat Vader hom geleer het, het hy haar gevra of sy glo Yeshua het gesterf vir haar sondes en dat Hy sit aan die regterhand van Vader? Sy het snikkend geantwoord: “Ja.”

Haar **snikke het oombliklik gestop** na die belydenis teenoor hom.

Hy het gesê: “Jy is gered!”


Hy het tydens die beproewing met haar skoon vergeet van die droom wat hy gehad het, maar op pad huis toe het hy daarvan onthou en het besef sy was die vrou daarin. Hy het met sy ma oor hierdie dame gepraat aangesien hulle kennisse was en saam plekke besoek het. Hy het die situasie probeer verstaan en het verneem dat sy redelik gereeld vorentoe gegaan het tydens eredienste om gered te word, gewoonlik huilende. Toe het hy geweet dat Vader aan hom geopenbaar het dat hierdie vrou nie werklik gered was nie, tot hy die belydenis van geloof van haar gekry het. Dit was waarom die snikke opgehou het op die oomblik van belydenis. Sy was tevore gelei deur “sê agter my aan” belydenis gebede, oor en oor, sonder resultate.

Hierdie vrou het geweet daar was iets ernstigs verkeerd in haar gees. Roy het geweet sy was nie 'n uitgaande persoonlikheid nie, maar stil van natuur. Hy was besig om te leer hoe groot en hoe na aan hom hierdie probleem van belydenis deur Elohim se gelowiges is.

Elohim was stadig besig om druk op hom te plaas om sy ou idees te laat vaar, hoofsaaklik idees soos: **“Dit kan regtig nie so ernstig wees nie.”** Roy wou die erns van die probleem in die kerke ontken, eenvoudig omdat hy nie daarmee wou deel nie.

Elohim sê: “...Godsdiens...!”

Eendag het 'n pastoor vir Roy vertel van 'n man wat na hom toe gekom het om te praat oor Yeshua, die Bybel en Vader. Hierdie pastoor was baie goed daarmee om iemand deur die Skrif na Yeshua toe te lei. Hy en die man het lank gepraat en die pastoor het probeer om hom deur 'n reddingsgebed te lei. Elke keer wat hy dit probeer het, het die man 'n verskoning gehad om nie te bid nie. Die man het vir die pastoor gesê hy wil nie en hy is ook nie gereed om met Yeshua te trou nie. Die pastoor was baie ontsteld oor hy die man nie deur die gebed kon kry om gered te word nie. Let daarop dat die man geglo het in Yeshua en dat hy uit sy woorde geweet het wie Hy is.

Die pastoor was bekommerd genoeg om **Vader te vra** waarom hy gefaal het. Hoekom het hy gefaal? Die pastoor het dit alles aan Roy verhaal terwyl hy hom vertel het van 'n droom wat hy gehad het. 

Die droom was oor die pastoor se familie. Hulle het opgegroeï in die Katolieke geloof. In die droom het een van sy familieleden gesondig en daarom was hierdie lid nie toegelaat om die mis by te woon nie. Dit was basies 'n baie eenvoudige droom. Roy het die pastoor gevra wat die droom aan hom uitgewys het. Hy het gesê: **“Godsdiens.”** Dit was die enkele woord wat die droom beskryf het: **“Godsdiens”**.

Elohim het sy gebed verhoor met 'n droom, “'n saak” van die Gees. Die pastoor wou weet waarom hy gefaal het in sy pogings om daardie man te red. Vader se antwoord was: **“Godsdiens”**. Die pastoor se godsdiens!

Die pastoor kon die man enige tyd gedurende hul gesprek, selfs nadat die man aangedui het dat hy nie met Yeshua wil trou nie, hierdie vraag gevra het: **“Wat glo jy werklik?”** En so kon hy 'n belydenis van geloof uit hom getrek het. As die pastoor verstaan het, kon hy verby die man se **godsdienstige idees** – *dat die oomblik wanneer jy gered word, jy met Yeshua trou* – gekom het. Hy sou geweet het die pad van die bruid wat gereed maak vir die huwelik is 'n pad van selfkruisiging en gehoorsaamheid en *vind beslis nie plaas wanneer jy gered word nie!* Dit stel jou egter nou in staat om as 'n geredde persoon die pad van selfverloëning en kruisiging van jou eie ek, trots, valse idees en leringe te begin stap sodat Yeshua en die Heilige Gees aan jou kan werk om jou gereed te maak vir Bruidskap, mits jy met Yeshua wil trou! Omdat die pastoor geglo het dat die herhaling van 'n reddingsgebed die manier was hoe iemand gered word, **het sy godsdiens eintlik gekeer dat dit gebeur.** Op simboliese wyse het Vader dit in die droom geopenbaar dat dit die pastoor se godsdiens was wat gekeer het en nie die man s'n nie – Hy het die pastoor se familie in die droom gebruik en nie die man s'n of enige ander Katolieke familie nie. **Hy is 'n Wese van waarheid!**

Wat kan ons leer uit hierdie ondervinding? Eerstens moet ons verstaan dat Yeshua jou Redder, jou Geneser, jou Verlosser, of jou Man kan wees. Dit is jou besluit oor hoe ver jy wil gaan. Wanneer jou siel gered is, is Hy jou Redder. Wanneer Hy jou kwale genees, is Hy jou Geneser. Wanneer Hy jou verlos van jou sondes, is Hy jou Verlosser, en so aan. 'n Bruid is gesentreer op Hom en ook intiem met haar Bruidegom. 'n Geredde persoon hoef dit egter nie noodwendig te doen nie. Jy het 'n keuse. Daar is 'n groot verskil.

Tweedens kan ons een manier sien oor hoe om drome te vertolk. Vader gebruik gewoonlik iets wat ons kan verstaan as ons die gemoed het om te oorpeins, soekende na Sy begrip van geestelike dinge.

Derdens kan ons sien YHWH is 'n Wese van eenvoudige waarheid. Hy het openbaar dat dit juis *godsdiens* was – die geloof dat 'n gebed van redding die manier is hoe iemand gered word – wat die man verhoed het om gered te word. (Die sogenaamde gebed van redding, soos ons dit ken, **is nie in die Skrif nie.**)

“Godsdiens” was oor die hele situasie geskrywe, in beide die pastoor en die man. Daarom kon Vader dit in een woord opsom: “Godsdiens”. Hy was nie krities nie, net waaragtig. **Godsdiens...**

'n Klein Seuntjie met 'n Krummelrige Gees!

In 'n visioen in die nag van 23 Februarie 1999, het Yeshua vir Roy ingevat by die kerk waar hy opgegroeï het. Hy het dit gedoen omdat Hy geweet het dat hy as jongman daar onderrig was en wat hy daar geleer het. Hy het geweet van sy liefde vir daardie mense. Hy het geweet hoe om sy hart te prik. Roy vertel: *"In een afdeling van die toneel in hierdie kerk, het Hy my 'n klein seuntjie met 'n rebelse gees gewys. In die visioen was die seuntjie klein genoeg om hom op my knie te tel om met hom te praat. Dit gee ons 'n idee van hoe jonk iemand kan wees om Yeshua te kan bely as Redder! Ek weet uit die toneel dat daar eintlik baie seuntjies is wat glo, maar wat ongered is! Omrede hierdie visioen in opvoedkundige omgewing plaasgevind het, het ek besef dat die probleem groter was as slegs een klein seuntjie!"*


Die sien van die seuntjie se rebelse gees het my herinner aan 'n ervaring wat ek gehad het toe Elohim my die erns van die situasie in die kerk i.v.m. redding gewys het. Ek besef ek het nie oor hierdie ondervinding gepraat nie, behalwe in my heel eerste boek. Jy sal onthou dat ek gesê het daar is pastore wat preek en lering gee oor Yeshua, maar – wat nie gered is nie. Jy sal ook onthou dat ek verklaar het dat daar mense is wat Vader en die gawes van die Heilige Gees kan ervaar – sonder om wedergebore te wees. Dit is my hoop, nadat ek hierdie ondervinding weer deurgelees en na my gedagtes geluister het, dat jy sal verstaan en 'n helderder prent sal sien, van hoe diep hierdie 'misverstand' oor wedergeboorte in die wêreld van die kerk insny."

Die Ervaring

Roy hervat: *"Ek was genooi na 'n byeenkoms van Gideons Internasionaal. Die vorige nag het Vader aan my getoon dat ek die byeenkoms moes bywoon, maar Hy het nie gesê waarom nie. In hierdie vergadering het een van die sprekers sy getuïenis gelewer van hoe hy Yeshua aangeneem het. Hy het 'n Gideonsbybel in 'n motelkamer opgetel en die boek van Johannes gelees, oor en oor. Hy is wonderbaarlik verlos van die misbruik van alkohol en dit was opvallend dat hy Yeshua in groot maat ervaar het."*

"Toe die vergadering oor was, was ek en my vrou daarin geïnteresseerd om die spreker se vrou uit te nooi, want sy was nuut in die V.S.A. Sy was so borrelend en vol lewe. Hoe ook al, sy het nie veel Engels geleer nie, dus kon ons nie goed kommunikeer nie. Ek het toe van haar af weggedraai om erkenning aan haar man te gee. Ek het sy hand geskud en met hom gepraat, maar toe ek dit gedoen het, het 'n vreemde ding gebeur!"

*"Ek is nie eens seker wat ek gesê het nie, want ek het skielik die binnekant van die man gesien, **verby die vlees!** Ek het dit nog nooit tevore ervaar nie. Ek onthou terwyl dit gebeur het ek gedink: 'Hierdie man is nie wat hy voorgee nie!' Onthuts oor wat ek gesien het, het ek vinnig deur die vertrek gestap, nadenkend daaroor. "Ek kon dit net beskryf as **"n groot hartseer"** in die man en ek het geweet Yeshua het aan my openbaar: **'Dinge by hierdie man is nie wat dit skyn te wees nie!'** Ek het op pad huis toe my vrou daarvan vertel en gewonder waarom dit so is."*

 *"Dié nag het Vader my daardie spreker gewys. Ek het sy gees gesien – **dit was dood! So dood** – dat dit krummelrig was, **asof van die begin van tyd.** (Die tuin van Eden)"*

*"Ek het wakker geword uit die toneel, meteens bewus van die rede waarom Vader my na die vergadering toe gestuur het. Dit was om my meer te leer van die erns van die situasie m.b.t. die ongeredde, **"nie-weergebore geeste"** van gelowige mense! Ek het onmiddellik gebid: "Vader, ek verstaan, maar hoe vertel ek hulle?" **Vader het gesê: "Vertel hulle dit is soos toe Ek My mense van die Egiptenare verlos het."***

*Jy sien, Vader het Israel uit Egipte verlos, maar baie min van hulle het die beloofde land ingegaan. Hierdie Gideonspreker het Yeshua ervaar, was verlos van alkohol en het gelowig geword, maar het nie die belofte verkry om wedergebore te wees in sy gees nie. Hy was ongered! **Ek het geweet hy het eenvoudig nooit 'n persoonlike verklaring van sy geloof aan 'n ander mens gemaak nie."***

Hoe is dit dat enige mens kan praat en getuig oor Yeshua se verlossingskrag, preek en lering gee oor Hom – sonder om daarmee die volledige verklaring van sy geloof af te lê? Roy het gesê hy voel die noodsaak aan om sy eie stryd met begrip waarom getuïenis aan 'n ander persoon van Yeshua se verlossingswerk en genesing, nie dinge doen nie, met die leser te deel.

Hoekom word die getuïenis aan 'n ander persoon oor Yeshua se verlossing en genesing, nie gereken as die 'volledige' verklaring van geloof (geloofsbelydenis) nie? Hierdie man wat by die Gideonsvergadering getuig het, wie almal gereken het is gered en wedergebore, het van Vader gepraat en Hom al die eer gegee dat hy van alkohol bevry is. Hy het baie van Yeshua gepraat en Skrif gebruik! Ek het geweet waarom hy nie weergebore was nie, maar iets het my gepla en ek het besef ek begryp nie al die 'hoekoms' van die saak nie.

Roy sê dat hy nog altyd net eerlik met mense was oor wat hy geskryf het. Daarom moet hy getuig dat *selds nadat* Vader hom oortuig het van hoe iemand gered word, het hy nogtans altyd gedink dat wanneer iemand 'n medemens vertel het dat Yeshua hom/haar **genees** het, dat ook dit 'n geldige verklaring van geloof was. Maar as jy die artikel "**Wat Ons Omtrent Messias Moet Bely,**" gelees het, sal jy weet dat Roy anders geleer is deur Yeshua self!

Die volgende is hoe Roy 'anders' begin leer het. Ons deel dit met jou, nie net oor dit toepaslik is op die spreker by die Gideonsvergadering nie, maar ook omdat Vader iets aan Roy gesê het om sy oë oop te kry om 'n helder prent van die 'hoekoms' te sien. Ek hoop dat wanneer jy Sy antwoord aan Roy lees, dit dieselfde vir jou sal doen.

Eendag het Roy vir Yeshua spesifiek gevra hoekom belydenis van sy **verlossingswerk en genesende krag** aan 'n ander persoon, nie voldoende vir wedergeborte is nie. Yeshua het geantwoord: 🙌 "Maar jy kan dit van enigeen sê!"

Dit is toe dat Roy besef het Elia (byvoorbeeld) het ook die dode opgewek en dat ander persone in die Bybel ook mense genees het! Dus, om te praat, preek en te sê: "Yeshua het die dode opgewek en siekes genees", **sê nie eintlik dat hy groter is as Elia nie!** Wanneer ons dus sê, "Yeshua het my genees," **verklaar ons nie dat Hy groter is as ander mense nie.** Genesing het deur ander mense in die Bybel ook plaasgevind en vind vandag nog plaas. Sommige mense was selfs Yeshua of Here genoem en daarom moet iemand se eie belydenis iets bevat van die kruis en – dat Vader Sy Seun uit die dood opgewek het. Hierdie belydenis onderskei die ware Yeshua van alle ander mense.

Dit is waarom die man wat daardie nag in die hotelkamer getuig het hoe Yeshua hom van alkohol bevry het, steeds 'n gees gehad wat nie weergebore was nie! Hy het terloops getuig dat Yeshua hom daardie nag gered het. **Yeshua het hom wel gered** – van alkohol – maar nie wat redding tot die ewige lewe betref nie. Yeshua het egter reeds aan die kruis hierdie redding tot die ewige lewe vir ons moontlik gemaak. Hy het by Golgota dit vir **die wêreld moontlik gemaak om gered te wees, maar min mense het in verbond met Hom gegaan oor wat Hy aan die kruis vir hulle gedoen het.** Die groot sluiting van die kontrak (verbond) deur ons word gedoen tydens die vestiging van ons persoonlike geloof aan 'n ander persoon — dat Yeshua ons enigste Verlosser is en dat Vader Hom uit die dood opgewek het. Dit onderskei Yeshua van enige mens wat ooit gelewe het. Dit is deur Hom en Hom alleen, want **ons almal het gesondig en skiet te kort!**

Ons hoop hierdie getuïenis van 'n man se krummelrige 'nie-weergebore' gees in die Gideonsaak sal met jou wees, die res van jou lewe. Ons hoop jy sien dat hierdie ernstige probleem selfs tussen predikers en leiers van die kerk bestaan! **Ons as mense veronderstel heeltemal te maklik** dat mense gered is en is geneig om die uiters belangrike dinge wat Vader ons geleer het, te vergeet. Roy sê hy betrap homself steeds dat hy veronderstel mense is gered, veral pastore en groot name in die kerk. Vader herinner hom daaraan hoe ernstig hierdie saak is met tonele soos van die klein seuntjie in die kerk waar hy grootgeword het. **Daar is duisende en duisende klein seuntjies en dogtertjies wat in hierdie situasie verkeer, in kerke oraloor.** Daar is selfs gelowige predikers wat ongered is in die kerke van die wêreld. **Dit is waarom Elohim gesê het: "Gaan nooit by 'n kerk in met die veronderstelling dat die pastoor gered is nie!**

Het jy 'n minuut te spaar?

Hierdie is nie 'n lang artikel nie, maar Roy voel dis 'n belangrike een om te verduidelik waarom daar 'n "gekners van tande" sal wees. Vader het vir hom gewys dat daar baie mense is wat die materiaal oor die drie vlekke op die liggaam van ons Verlosser as "vervelig" beskou. Dit het vir 'n tyd swaar op hom gedruk, dus het ons besluit om sekere inligting en 'n getuïenis met die leser te deel. Dit sal hierdie situasie aanspreek.



Die reddingsboodskap is die naaste aan Roy se hart, dus deel ons met jou 'n getuienis wat aan hom gestuur is deur 'n man wat in diens van Vader was. In die video oor Redding het Vader vir Roy gesê om nie sommer te aanvaar dat 'n prediker of pastoor gered is nie. Hierdie getuienis bevestig beslis wat Vader gesê het. Dit bevestig ook wat Vader openbaar het oor die vonk of lig wat ons liggame binnedring wanneer ons gered word. Hy het twee e-posse ontvang waaruit sy getuienis bestaan.

Begin van getuienis:

Deur jou demonstrasie van Vader se Verbond, het ek geleer wat nodig was vir my redding. Ek het my belydenis van geloof aan 'n ander persoon gemaak en ek is gered!!!

Dankie!

Ns. Jy is reg omtrent die elektriese lading. (ervaring tydens redding)

Roy het vir hom gevra of hy sy getuienis mag gebruik en hy het geantwoord:

Liewe Roy,

Natuurlik kan jy my getuienis gebruik. Ek bid dat dit behulpsaam sal wees om ander aan te spoor tot redding. Roy, ek en jy is in diens van Vader. Ons dien tot Sy plesier en om Sy wil te laat geskied.

Daar is een ander gedeelte van my getuienis wat ek graag met jou wil deel. Die presiese nag voor ek gered is, het ek tot Vader gebid "om my te help om Hom beter te ken." Ek het Vader gevra vir direkte leiding om uit te vind wie werlik sy Woord preek en wie nie. Ek het by Vader gekla dat die meeste van die kerke en Christene wat ek ken, baie idees en gelowe het wat, volgens my, meer van die mens afkomstig is as van Vader self. Dit het my baie gehinder en verwar. Ek is net 'n mens en ek ken nie die gedagtes van Vader nie, dus het ek Hom gevra: "Wys my wat ek moet weet en wys my wie verstaan U Woord soos dit bedoel was." Ek het ook van Vader gevra vir die gawe van onderskeiding en vir leiding en – ek het Hom nog een ding gevra: Ek het gevra dat Hy my van al hierdie dinge voorsien op so 'n helder wyse, dat selfs 'n kind dit sou kon verstaan. Op daardie manier sou ek nie fout maak nie. Die volgende oggend het ek 'n e-pos van iemand gekry wat ek skaars geken het. Dit was baie 'uit die bloute', want dit was nie 'n voortsetting van enige gesprek of onderwerp nie. Dit was heeltemal ongewoon. Hierdie e-pos het my gelei om na die films te kyk wat jy gemaak het. Soos ek deur hierdie films gegaan het, het ek agtergekom dat ek jammerlik ween (iets heeltemal buite my aard). Maar dieselfde tyd was dit asof liggies in my kop aanskakel. Dinge wat ek nooit tevore kon verstaan nie, was meteens glashelder. Toe ek klaar was met die films, het ek presies geweet wat ek moes doen: Die volgende dag het ek my belydenis van geloof aan iemand anders gemaak en is gered! Vader werk op geheimsinnige maniere en antwoord beslis gebede (selfs gebede wat 'n bietjie dwalend en langasem is...ha ha ha).

Saam in Messias

XXXX

Einde van getuienis.

Roy is ook vertel dat iemand wat die materiaal oor Redding gesien het, gesê het dat die kerk nie die tyd het om ongereddes in hulle midde op te spoor nie. Dit het swaar op Roy se hart gedruk, want dit is 'n **tragiese, tragiese leuen!** Dit duur minder as 'n minuut om belydenisse van mense in 'n byeenkoms te kry, soos verduidelik in hierdie materiaal en die films. Hier is 'n voorbeeld van hoe om dit te doen, wat in werklikheid langer is as wat dit hoef te wees:

"Goeiedag almal! Dit is 'n heerlike dag in Yeshua! Ons as gelowiges behoort vas te hou aan ons belydenis. Dus het ek vandag 'n vraag aan almal van julle en ek wil 'n 'ja' of 'nee' antwoord hê – wat uit jou hart kom. Almal kan hulle antwoord gelyktydig aan my gee, moet dus nie bang wees om 'ja' of 'nee' te antwoord nie. Ek sal almal van julle die vraag vra, 'n klein rukkie wag om julle kans te gee om te dink en dan my hand opsteek wanneer ek wil hê dat julle my antwoord. Gereed? Hier is die vraag: 'Glo jy dat Yeshua Messias vir ons sondes aan die kruis gesterf het en dat Vader Hom opgewek het uit die dood?' (Wag 5 sekondes en lig jou hand. Wag dan 2 sekondes vir 'n antwoord.) Op hierdie stadium sal dit van jou skaars 'n minuut weerga het om dinge te doen.

Eintlik kan jy belydenisse van 'n groep mense binne 30 sekondes kry.

Jy kan daarna afhange van die tipe byeenkoms net aangaan daarmee of die mense laat fokus op Yeshua, (in stilte fokus op Yeshua en moet asb nie jou gedagtes leeg maak nie, skakel net enige gedagtes wat niks met Yeshua te doen het nie uit!) en uitkyk vir tekens dat Yeshua iets in iemand gedoen het. Om te huil is een van die tekens. Jy kan egter ook net voortgaan met die byeenkoms. Jy kan ook ander woorde gebruik om die regte vrae te vra. Jy kan inderdaad belydenisse uit 'n groep mense trek in minder as 30 sekondes. Voorbeeld:

Prys Yeshua! Ek wil hê dat elke persoon in hierdie vertrek na my kyk en my op my vrae antwoord met 'n "Ja" of "Nee". "Glo jy Yeshua die Messias was Vader gemanifesteer in die vlees en dat Hy leef en aan die regterhand van Vader sit? (Gee 3 sekondes vir 'n antwoord) Doen dit rustig. Dit neem minder as 30 sekondes!

As elke kerk in die wêreld op 'n gegewe datum net een minuut sou neem om 'n belydenis van geloof van almal teenwoordig te kry, **sal ons binne 24 uur die grootste wonderwerk beleef sedert Yeshua se kruisiging!** 'n Groot deel van die 48% sal drasties verminder word.

Het jy een minuut te spaar?

Is Jou Naam Geskryf?

Is jou naam geskryf? Is jou familie se name geskryf? Is jou vriende se name geskryf? Roy het probeer om mense sover te kry dat hulle besef daar is 'n probleem met wat die kerk doen aangaande die *meganika van redding*. Hy het 'n bandopname gemaak en aan mense gestuur, blykbaar sonder reaksie. 'n Prediker het gesê hy is te dogmaties. Roy was naderhand moeg van die stryd en hy het besluit om aan te gaan met sy lewe en hierdie probleem wat in al die kerke is te laat vaar.

Die nag na sy besluit om op te gee, het Vader vir hom in 'n nagvisioen na 'n kerk toe gevat... Hier is die visioen in Roy se eie woorde: *Yeshua en ek het agter gestaan en gekyk na 'n vrou by die kansel. Sy was besig om take uit te deel aan lidmate, in alfabetiese orde, uit 'n boek. Sy het 'n naam uitgelees en dit aan 'n provinsie toegesê. "John Doe, jy moet Texas toe gaan", ens. Sy was besig met 'M', toe sy agtergekem het haar beste vriendin se naam het nie opgeduik nie. Sy het teruggeblaai deur die boek en gesê: "Haar naam moet hier wees! Ek weet haar naam is hier!" Oor en oor. Toe het sy 'n ander vrou gaan haal om haar te help soek na die naam in 'n ouer, groter boek aan die sykant van die vertrek. Dan is hulle albei rasend aan die soek terwyl hul sê: "Ek weet haar naam is hier!" Oor en oor. Op hierdie stadium vat Yeshua my na die kansel toe om die boek te sien. Die boek was gedruk in 2 kolomme, die naam in een kolom en die provinsie toegewys in 'n ander. Ek het met my eie oë gesien dat amper die helfte van die name ontbreek het, maar dat die toewysings (provinsies) almal daar was.*

Hierdie toneel van die verlore name het my gedagtes deurdrenk en toe ek uit die visioen kom, het ek geweet die boek was 'n boek van gelowiges. Yeshua het na Sy gelowiges verwys. Hy het toewysings aan alle gelowiges, maar byna die helfte van hulle is ongered. Hulle is nie gered nie – terwyl die kerk dink hulle is!

Ek het vir Vader gesê ek is jammer dat ek wou tou opgooi. Hy het 'n waarheid op my gelê en ek het geweet dit was sy oordeel, nie myne nie. Min het ek geweet hy sou my later die presiese syfer gee. **Op 21 September 1996 het YHWH aan my geopenbaar dat daar op daardie oomblik 48% van die mense is – wat die kerk beskou as gered – wat nie gered is nie.**

48% en meer van die kerk se sogenaamde 'gereddenes' word weggewys by die nou poort en is op pad verderf toe a.g.v. die gebrek aan kennis en die tradisies en leerstellings van mense!

Senders	Nevada
	Nebraska
anna Scott	Kansas
Tim Scott	Utah
	New York
Tom Scott	Oklahoma
	Texas
	Colorado
Kyla Small	Oklahoma
John Stevens	Kansas
Sandy Stevens	Maritane
	Ohio
Carol Susan	Georgia
Sue Taylor	Texas
	California
in Thompson	Ohio
r Thompson	Colorado
	Kansas
war	Kan


Eenvoud

Gewysig vir hierdie boek.

Hier is 'n onlangse e-pos getuigenis waarin Elohim bevestig wat Hy vir Roy hulle by *Take His Heart* geleer het aangaande ewige redding.

Hi Roy!

“... Net om jou te laat weet dat my pa Yeshua ontvang het deur jou vrae in die leringe wat ons verlede Maart ontvang het. Ek het aan hom die vrae gevra en hy het swakkies “Ja” geantwoord. Ses weke later het hy vinnig oorgegaan in die hemel in. Dit het ongeveer 5 minute geneem toe was hy afwesig van hierdie wêreld... Net soos wat ek Vader soveel kere gevra het. Ek het ook gevra: “Waarom het hy so lank gelewe?” (96 jaar oud). Vader se antwoord was: ‘Sodat jy, XXXXX, die regte vraag kon vra sodat jou Pa, ‘n gelowige, kon ingaan deur die nou poort’.



“Daarom, dankie Roy, vir jou bediening.... Ek bid dat my nageslag almal die regte pad vind en deur die nou poort kan ingaan.”

Baie liefde in Yeshua!
XXXXX XXXXXXXXXX

Hier is 'n paar voorbeelde ingesluit oor hoe om die regte vrae te vra. **Hulle kan enige plek, enige tyd gevra word.** 'n Evangelis in Afrika het my gevra of wanneer hy die regte vraag aan 'n gehoor van 10 000 mense in 'n byeenkoms vra, hulle gered sal wees? Die antwoord is ja, as hulle “Ja” gesê het en daardie ja uit hulle harte gekom het. Alleenlik Vader ken die mens se hart!

Begin om Yeshua se skakelpersoon te word deur belydenisse uit mense te trek.

Voorbeelde van Vrae (tot redding van die siel):

Glo jy Yeshua het jou sonde op die kruis gedra en dat Vader Hom uit die Dood opgewek het?

Ja of Nee?

Glo jy Yeshua is die Seun van Vader YHWH en dat Vader Hom uit die Dood opgewek het?

Ja of Nee?

Glo jy dat Elohim vir Yeshua uit die Dood opgewek het en dat Hy nou sit aan die regterhand van die Elohim?

Ja of Nee?

Glo jy dat Yeshua, Elohim in die vlees gemanifesteer was?

Ja of Nee?

Enigeen van hierdie voorbeelde kan werk!

Die sleutel is dat jy jou geloof vestig deur belydenis aan 'n ander persoon op aarde. Daarmee vervul jy hoe verbond werk soos in hierdie boeke en videos van *Take His Heart* verduidelik word. Dit is soos Yeshua dit verduidelik het toe hy **die sleutels tot die Koninkryk** openbaar het. Jy vestig jou geloof aan 'n ander persoon op aarde en Yeshua as die middelaar vestig dit in die hemel.

Sommige mense sê dit is te eenvoudig vir ewige redding om net 'n verklaring (belydenis) teenoor 'n ander mens te maak. Onthou wat Vader gesê het in ons belydenis is. (Sien weer Bl. 10 van hierdie boekie) Dit help ons almal se begrip oor die:

Eenvoud wat in Yeshua die Messias is!

Korrekte verdeling van die woord “Gered”

Die Ondervinding

Jy Kan Jou Ewige Redding Verloor
Die Wet Kon Dit Nie Doen Nie

Reguit Praat

Redding Deur Gehoorsaamheid Aan Vader
Veroordelings
Verbondsbeloftes
Geen Hel!
Troeteldiere
Die Regte Kant Van Genade



Korrekte Verdeling van die Woord “Gered”


Jare gelede het Vader vir Roy meer oor die meganika van verlossing tot die ewige lewe geleer. Hy het vir hom gewys dat die Bybel nie onderskei tussen die woord “gered” wanneer dit verwys na *verlossing tot die ewige lewe* en die woord “gered” wanneer dit verwys na *fisiese redding in hierdie lewe* nie. Albei woorde is vertaal as “gered”, sonder differensiasie.

Toe Vader vir Roy bogenoemde gewys het, het hy dit verstaan, maar hy het geen idee gehad hoe verreikend hierdie probleem was nie. Dat dit betrokke is by die vals lerings van mense oor verlossing tot die ewige lewe en – dat dit selfs die veroordeling van mense veroorsaak wanneer daar niks moes gewees het nie. Die gevolge van hierdie misvertaling – die gebrek aan begrip daarvan – bloei deur tot in verskeie onderwerpe soos die ‘*Koninkryk van Elohim*, of ‘*gewerp in die buitenste duisternis*’, ens. Dit is soos borrelende gif wat vir mense, vir die waarheid en vir Vader se doel aanval. Die vyand van die mens is mal daaroor.

Roy was hierdie spesifieke kennis geskenk oor die woord “gered”, jare voor Yeshua vir hom gesê het: **“Geen mens kan vertaal sonder om sy eie leerstellings in te vertaal nie.”** Of die misvertaling oor “redding” sy oorsprong het in menslike leerstellings, of net ’n eenvoudige flater is, is eintlik irrelevant. Vader het openbaar dat ons sy Woord korrek moet verdeel om tussen betekenis te kan onderskei. Wanvertolkings veroorsaak groot misverstande, ook wat die groter prent m.b.t. redding betref.

Ons sal vertel wat met Roy gebeur het en dan kan ons kyk na sommige van die gevolge as ons nie volkome verstaan waarin ons ewige verlossing gesetel is nie. Ons sal ook met jou voorbeelde deel van “fisiese redding”, die meganika van, of die patroon wat ons benodig om “fisiese redding” te verkry as Yeshua se Bruid vandag.

Die Ondervinding

 Eendag terwyl Vader vir Roy geleer het van die “meganika van ewige verlossing” en hy besig was om sy Bybel te lees, het sommige woorde van die bladsy af gelig, omtrent ’n sentimeter. Vader het sy aandag gevestig op die woord “gered” in die volgende Skrifgedeelte:

I Pet 3:20 “...(hulle) wat destyds in hulle ongehoorsaamheid Vader se geduld aanhou beproef het onderwyl Noag se ark gebou is, waarin min, agt, deur water heen gered is.

Vader het hierdie woord “gered” in die skrifgedeelte hierbo met Roy begin behandel, wat hier verskil van die woord “gered” wat Paulus gebruik aangaande redding tot die ewige lewe.

Romeine 10:9 As jy met jou mond bely dat Yeshua die Seun van Vader YHWH is en met jou hart glo dat Vader Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.

Roy sê hy weet nie of hy oorweldig was deur die visioen nie, maar op een of ander manier het hy die spelling van die woorde gesien. Hulle was in Hebreeus en het verskil in betekenis. Vader het my na die volgende Skrif geneem vir verdere bevestiging van die skeiding tussen “*redding tot die ewige lewe*” en “*redding in die fisiese*”:

Mat 5:19 *Elkeen dus wat een van die geringste van hierdie gebooe breek en die mense só leer, sal die geringste geag word in die koninkryk van die hemele. Maar elkeen wat dit (die wet) nakom en die mense só leer, hy sal hoog geag word in die koninkryk van die hemele.*

Op daardie stadium het Roy besef daar is mense in die hemel wat hulle geloof in Yeshua aan 'n ander persoon op aarde verklaar het, waardeur ewige verlossing verkry is, alhoewel hulle Vader se Woord foutiewelik aan ander geleer het. Party het selfs geleer dat die waterdoop jou red of dat jy ewige verlossing ontvang deur die bid van 'n verlossingsgebed. Hierdie mense wat die Woord foutiewelik in hulle lering oorgedra het, sal genoem word die “geringste” in die Koninkryk van die hemel, maar is steeds in die hemel – gered! Hoekom? Want hulle het 'n enkele *verbondsbelofte (belydenis oor wie Yeshua is)* korrek uitgevoer, alhoewel hulle dit nie verstaan het nie. Wat 'n leersame ondervinding! Kort daarna is die verklaring aan Roy gegee hoekom Paulus iemand oorgelewer het vir die vernietiging van die vleeslike sodat sy gees gered kon word.

I Kor. 5:5 “...om so iemand aan die satan oor te lewer tot verderf van die vlees sodat die gees gered kan word in die dag van Yeshua.”

Paulus wou nie dat daardie persoon sy redding tot die ewige lewe verloor nie. Hy het geweet die persoon was op 'n pad om later dalk vir Yeshua te verloën.

Jy kan jou Ewige Redding verloor...

Die Bybel is duidelik daarvoor dat iemand sy ewige redding kan verloor, maar dit gebeur nie soos baie mense dink nie. Jy verloor nie jou verlossing tot die ewige lewe omdat jy na bekering weer gesondig het nie. As almal wat na bekering sondig, verlore sou gaan, sal niemand ooit die ewige lewe ontvang nie! Want alle mense sondig steeds na bekering, daarom sê die Bybel ons is almal sondears en kom kort. Maar hoe kan ons ons ewige lewe verloor? Dit gebeur wanneer ons die *teenoorgestelde doen* van dit wat ons gered het. Om die ewige lewe te verloor moet ons dus die teenoorgestelde bely, nl. dat ons nie glo in Yeshua nie, ensovoorts. Selfs al sou jy voor 'n vuurpeloton beland en beveel word om Yeshua te verloën – anders word jy geskiet – mag jy Hom nie verloën nie. Want dan sal jy jou ewige redding verloor en jou naam sal geskraap word uit die *Lam se Boek van die Lewe*. Daar is natuurlik geredde mense wat erge beproewing nie kan deurstaan nie en dan tragies verbitterd raak en ook hulle geloof in Yeshua teenoor ander verloën. Ook hulle naam sal geskraap word. Hou dus altyd vas aan jou belydenis of verklaring van geloof oor wie Yeshua is!

Die video “*The Mechanics of Salvation*” openbaar skriftelik met bewyse hoe 'n persoon se gees wedergebore word deur verbondsbelofte. Dit is 'n werklikheid en as jy aandag skenk wanneer jy jou belydenis doen dan kan jy dit voel gebeur. Ons gaan nie die volle inligting hier bespreek nie want dit is in die videos en boeke beskikbaar. As gevolg van die ondervinding wat ons net deels met jou opgeneem het, het Roy geweet Vader was besig om by hom dit in te prent dat Redding tot die Ewige Lewe baie eenvoudig is, soos bekragtig aan die kruis deur Yeshua se bevestiging van die verbond. Dit werk elke keer. Elke ander vorm van redding – deur enige soort werke van ons kant – het te make met fisiese reddings op aarde, nie geestelike ewige redding nie. Die *ewige redding* is gevestig in Yeshua die Messias *se werk aan die kruis*, en enige ander reddings in hierdie lewe is iets waaraan ons self deelneem of werk om te verkry, met die hulp van Yeshua soos die Bybel ook verklaar.

Die Wet Kon Dit Nie Doen Nie

Om te sondig is om Vader se Wet te oortree en om Vader se Wet te oortree is om te sondig. Die Bybel stel dit duidelik dat Yeshua kom doen het wat die wet nie kon doen nie.


Rom. 8:3 Want dit waarvoor die wet, deur ons sondige aard, te swak was, het Vader gedoen – deur sy eie Seun te stuur in die gestalte van 'n sondige mens, as offer vir die sonde en so die sonde veroordeel het in die bestaan van die mens.

Hand. 13:39 En dat elkeen wat glo, deur Yeshua vrygespreek word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie vrygespreek kon word nie.


Dus sien ons dat as die wet ons nie die ewige lewe kon gee nie (die ewige lewe is aan ons geskenk, nie verdien met wetsgehoor-saamheid nie), behoort ons ook te kan sien dat oortreding van die wet – die algemeenste sonde – nie die ewige lewe kan wegneem nie, want **ons ewige lewe** (die geskenk) is in Yeshua, nie in die wet nie!

Sonde kan egter so baie deure vir die vyand oopmaak, dat 'n gees kan inkom en soveel beheer toepas, dat daardie persoon Yeshua kan verloën. Die gees van trots (Python) kan in hierdie geval die moordenaar wees. Dit is ongetwyfeld deels waarom Paulus daardie persoon aan die satan oorgegee het vir die vernietiging van die vlees, sodat hy nie sy ewige lewe sou verloor nie. (Indien iemand deur sekere geeste beset sou word, kan 'n gees deur daardie persoon praat en Yeshua verloën. Dit beteken egter nie die persoon het Yeshua verloën nie – Vader weet die gees het dit gedoen. Daar is 'n opmerklieke verskil.)

Nadat Vader die verskil tussen **ewige redding** (hemelse) en **fisiese redding** (aardse) in Roy ingeplant het, het dit 'n klomp “hoekoms” in die Skrif opgeklaar. Ons het reeds die een oor Paulus genoem wat daardie persoon oorgegee het aan die satan vir die verderwing van die vlees. Ander sal nog genoem word.


 Dit was nadat Roy hierdie verdeling van die betekenis van die woord “gered” gesnap het dat Yeshua aan Roy in 'n visioen gewys het dat hy die *Helm van Verlossing* op het. Hy was geskok, want hy het nie daarvoor gevra of gesoek nie.

Elohim het uit die visioen met Roy gepraat: **“Dit is hoogmoed van hulle wat dink hul kan enigiets weet as hulle dit nie van My af gekry het nie!”**

 Roy is meegedeel dat hy weet hoe die *Huwelikseremonie van die Lam* plaasvind en ook dat hy die *Meganika van Verlossing* verstaan. Alle ander dinge het Roy op daardie stadium **nog net ten dele geken**. Dit is gevaarlik om te dink ons weet iets sonder dat Vader dit aan ons geopenbaar het. Nogtans is daar 'n talryke hoeveelheid mense *wat dink hulle weet uit hulleself* baie van baie onderwerpe af. Meeste van hulle besef nie hulle volg maar net die patrone waarin hulle opgegroeï het nie. Ons moet gesels oor hierdie verkeerde patrone, asook die regte patrone, anders sal ons nie die totale prent hê nie. Dit is omtrent soos toe Vader vir Roy gesê het: **“Jy moet weet wat 'n Skrifgedeelte nie sê nie, om te weet wat dit wel sê.”** Dus, as ons nie die verkeerde patrone ken nie, sal ons nie werklik die volle prent van die regtes kan onderskei nie. Vader het openbaar hoe ernstig dit is.

Nadat Roy hierdie inligting oor die twee soorte reddings ontvang het, is aan hulle in 'n bedieningsvergadering op 20 Desember 2009 die woord **“kwaksalwer”** (charlatan) gegee, met sekere instruksies. Vader is nie bloot krities hier nie – Hy openbaar slegs die waarheid. Daardie waarheid kan ons vrymaak as ons dit toelaat. Oor die algemeen is **kwaksalwers** mense wat valslik beweer dat hulle 'n spesiale kennis of vaardigheid het. (Oorspronklik het die woord 'n rondreisende verkoper van veronderstelde genees-middels aangedui.)

Daarna is Roy op 24 Desember 2009 'n droom gegee en hy het skielik besef Vader het dit gegee om hier te gebruik, want hy het gekyk na **kwaksalwers...**

 “Dit was 'n baie lang toneel van mense wat deur ander mense beheer is. Diegene in beheer was ontspanne aangetrek, net soos diegene wat deur hulle beheer word (nie in uniform). Die mense wat so beheer is, was in die tronk, maar daar was geen tralies nie! In die toneel was ek aanvanklik ook beheer, maar toe het daar 'n stadium aangebreek wat ek nie meer beheer was deur enige ander mense nie (ek was bevry!). Die toneel het aangegaan en ek het bly kyk hoe mense deur ander mense beheer word in hierdie onsigbare tronk. Meestal was dit twee mense wat een of twee ander mense beheer het.

Dit was alles net hier en daar en op verskillende tye dwarsdeur die skare wat blykbaar in 'n binnehof was. (Nadat ek uit die toneel wakker geword het, het ek besef dat diegene wat beheer toegepas het oor ander mense, nie georganiseerd was nie en – dat hulle nie werklik enige magtiging gehad het om enigiemand te beheer nie. Hulle was “kwaksalwers” en besig met hul eie ding!)

Reguit Praat

Vader het gesê: **“Kom ons redeneer saam!”** Dit dui beslis daarop dat ons ons verstand moet gebruik. Ons het al dikwels gesê as gelowiges hulle verstand meer wil gebruik in plaas van dinge net aan te neem, sal hulle besef daar is 'n vals idee of 'n vals lering in hul lewe. Hierdie gedeelte word “Reguit Praat” genoem, want onder leiding van Vader word beoog om 'n paar onredelike idees en onredelike dinge wat mense kwytraak, oop te vlek. In verband met die Heilige Gees se onderrigvermoë, het Yeshua aan Roy gesê: **“As iets jou skielik tref as eenvoudig en dit maak sin, is dit waar.”** “Sin maak” het te doen met ons verstand en die aanmekearsit van dinge.

Gelowiges is besig met 'n ernstige saak en daar is nie tyd vir foute nie. Roy sê dat hy nie destyds gered is oor die pastoor gewees en verstaan het hoe redding tot die ewige lewe werk nie, maar deur die leiding van die Heilige Gees. Wat sou gebeur het as daardie pastoor nie Vader se leiding gehoorsaam het nie? Vader wil dat hierdie probleem reggestel word.

Lank nadat Vader vir Roy die Meganika van Redding tot die ewige lewe geleer het, het Hy aan Roy gesê dat sy dogters steeds nie gered sou gewees het nie, as Hy nie sy lewe binnegekom het nie. Dit is hoogs waarskynlik dat hulle selfs vandag nog nie gered sou gewees het nie.

Laat ons nou na die volgende oplet: Daar is gelowiges wat baie waarde heg aan sterfbed belydenisse. Tog, in die geval van 'n gewone belydenis (nie sterfbed), sal sommige van daardie selfde gelowiges sê die persoon het nie werklik die ewige lewe nie, want daar is min of geen verandering in hulle lewens nie – oor die persoon een of ander sonde nog nie gelos het nie. Hierdie opinie is egter nie konsekwent nie, want dan sal ons elke persoon wat belydenis van geloof afgelê het, dadelik moet doodmaak – voordat hulle kans kry om te sondig en sodoende hul ewige lewe verloor! Dink daaraan!

Om sonde te laat staan (nadat jy die ewige lewe ontvang het), is egter belangrik vir *fisiëse* redding (beskerming) in jou lewe. **Dit sluit deure teen die vyand van die mens in jou lewe.** Vader wil hê almal moet dit doen! Maar vir mense om te sê jy moet van sonde ontslae raak (na jou geloofsbelydenis), anders is jy nie werklik gered tot die ewige lewe nie – is redding-deur-werke-teologie. Paulus was baie duidelik: Redding tot die ewige lewe is nie deur ons werke nie, maar deur Yeshua die Messias! Maar Paulus het nooit bedoel dat ons die wet eenkant moet gooi soos wat meestal vandag in die kerke beweerd word nie. Paulus het die mense wat hulle ewige lewe wou verkry deur werke van die wet gewaarsku dat hulle dit nie moet doen nie.

Gal. 2:16 Terwyl ons weet dat die mens nie van sonde vrygespreek word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Yeshua Messias. Ook ons het eens tot die geloof in Yeshua Messias gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Messias te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.

Paulus het daarteen gepredik dat *die Wet* of die *afwesigheid van sonde* aan jou die ewige lewe kan besorg.

Gal. 5:4 Julle wat geregtig wil wees deur die wet te onderhou, is losgemaak van Messias; julle het van die genade van Vader verval.

Die flater om nie te verstaan waarin redding tot die ewige lewe gesetel is nie, veroorsaak dat verkeerde idees in ons denke posvat. Ek het gehoor hoe pastore aan geredde mense sê hulle gaan hel toe as hul nie sonde uit hulle lewens kry nie. Dit is redding tot die ewige lewe deur werke! Die Bybel sê almal het gesondig en kom kort. Daardie selfde pastore het sonde in hulle eie lewe – volgens hul eie lering gaan hulle dit dan mos ook nie maak nie. Dink bietjie daaroor!

Fisiese Redding – Deur Gehoorsaamheid aan Elohim

Daar is 'n ander tipe regverdiging (redding) wat wel deur werke kom: deur Vader te gehoorsaam.

Jak. 2:25 *En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die verkenners weggesteek en met 'n ander pad laat ontsnap het nie?*

Ragab (en haar huis) het as beloning 'n fisiese redding ontvang.

Jos. 6:17 *Maar die stad met al sy inwoners moet uitgedelg word as banoffer aan YHWH. Net Ragab, die hoer, mag lewe, sy en almal by haar in die huis, omdat sy die verkenners wat ons uitgestuur het, weggesteek het.*

Noag en almal in sy huis het 'n fisiese redding ontvang deur sy geloof in Elohim en deur sy eie werke: sy gehoorsaamheid.

Ons het twee regverdigings of reddings hier genoem soos aan Roy deur Yeshua uit die Skrif openbaar, maar wat van hierdie tipe fisiese redding vandag? Hoe sal jy daarvan hou as Vader die volgende vir jou sê:



“MY teenwoordigheid is soos 'n soet geur wat jul verheug, want julle is MYNE. Om te lewe in MY teenwoordigheid bring seëninge onbekend aan die wêreld. Dit is so omdat EK jul in MY hande hou en jul bewaar. EK het jul 'n hart gegee om afgesonder te wees van die wêreld. Die wêreld se offers hou nie. Ware skoonheid is gemaak deur MY. Dit is niks wat die mens geskape het nie. Die satan probeer jul aandag aftrek met skyn, maar dit werk nie op almal nie. Die wêreld is deur waansin uit sy riglyn gekantel. Bly weg van aandag afleiers. Fokus. Hou jul fokus op MY.”

Roy ken die paartjie wat hierdie boodskap in hulle Goue Vergadering ontvang het. Dit is dieselfde mense vir wie Vader verlos het van die orkaan wat Houston op **13 September 2008** getref het. Woonagtig slegs die lengte van 'n voetbalveld van die baai af, was hulle aangesê om na 'n spesifieke dorp toe te gaan. Vader het hulle selfs vertel watter sterkte die orkaan sou wees en dat hulle nie vir mense moes vertel nie; dat Hy self sou openbaar aan wie Hy wou openbaar. Dit is duidelik dat Vader wou aantoon dat Hy sy Bruid in haar gehoorsaamheid kon beskerm. Die man het vertel dat hulle hul besigheid sou verloor het as hulle nie gehoorsaam was nie. Vader het hulle geen keuse gegee oor waarheen hulle moes padgee nie. Hulle is 'n klomp angs in hierdie lewe gespaar. Hulle was geregverdig, gered in die fisiese, net soos party mense in die Bybel deur hulle werke (gehoorsaamheid) gered was en dit gebeur vandag nog. Hulle was nie “gered tot die ewige lewe” nie, maar “gered in die fisiese”, geregverdig deur hulle geloof en hulle gehoorsaamheid!

Wat het hulle gedoen? Hulle het begin wandel in die “Meganika hoe om te wandel as Yeshua se Bruid”. Hulle het hulleself gereinig van die drie vlekke, uit die kerk gekom en die belangrikste: hulle het die “sake van die Gees” begin volg. Hulle het “**Goue Vergaderings**” begin hou. Soos jy kan sien uit die Woord wat aan hulle gegee is, is Vader baie ingenome met hulle. Hulle het Vader toegelaat om 'n verhouding met hulle op te bou wat op geen ander manier kom nie. Dit is so omdat Vader dit so ontwerp het!

Roy het hierdie verhaal vertel omdat gelowiges moet sien dat daar 'n regverdiging, (dus redding) is, wat in die fisiese plaasvind, deur gehoorsaamheid aan Vader se stem in hierdie dae. Dit is belangrik om die “Meganika van Ewige Redding” asook die “Meganika van Fisiese Redding” te leer en te onderskei. Daar moet in beide gewandel word in hierdie Laaste Dae. Dit is belangrik vir gelowiges om te beseef Vader bring sy Bruid voort en dat hulle betrokke moet raak by wat Hy nou doen, vandag reeds. Toe Vader Israel uit Egipte verlos het, moes die volk in die stroom kom van waarmee Hy besig was. Toe hulle die stroom verlaat het, het dinge skeef geloop. Dit is dieselfde vandag. Hy bring sy *Vleklose Bruid voort*; gelowiges moet in die “vloei” kom van wat Yeshua vandag in hierdie tydperk doen. Tog het Vader bekend gemaak dat min dit weet!

Ons as gelowiges moet leer om die twee verskillende regverdigings (twee verskillende reddings), te onderskei:

No. 1 "Ewige Regverdiging": Ewige Redding deur Yeshua, wat gebeur deur ons opregte geloofsbelydenis aan 'n ander persoon – NIE deur WERKE;

No. 2 "Fisiese Regverdiging": Fisiese Redding van gevare, siektes, ens. op aarde, wat gebeur deur bv. ons nakoming van die wet, of direkte gehoorsaamheid aan Vader, Sy Seun of Sy Gees – m.a.w. wel deur WERKE. Is die paartjie van Houston waarvan ons hierbo vertel het sonderloos? Nie meer as wat ek en jy is nie! Maar hulle het geleer om gehoorsaam te wees sonder om Yeshua te bevraagteken! Ons as gelowiges moet fokus op Bruidskap – nie op ons sonde nie! As die vyand ons gefokus hou op ons swakhede, sal ons nooit fokus op Bruidskap nie. Dit is onmoontlik om op albei gelyktydig te konsentreer! Die hoof fokus moet op Bruidskap wees en die fokus teen sonde moet tweede plek kry.

Veroordelings

Yeshua wil dat veroordelings stop. Mense het vir Roy vertel hulle het opgegee omdat hulle gedurig in sonde teruggeval het. Sommige *geredde* mense het selfs gereken hulle gaan hel toe, want dit was so aan hulle gepredik. Dit is hartseer, want hulle hou die sleutel tot die Koninkryk in hul harte – dat Yeshua waarlik die Seun van Vader is en dat Hy vir hulle gesterf het. Waar kom hierdie vals konsep van ewige redding deur werke vandaan? Was dit aangevuur deur die kerk of die duiwel self?

Die Python gees het al glorieryke tye gehad met redding tot die ewige lewe *deur werke*. Roy onthou dat Vader jare gelede met hom gedeel het oor 'n visioen op band en wat in sekere kerke gespeel is van iemand wat hel toe was. In die hel wat hierdie betrokke persoon ervaar het was daar spesiale tipes martelings vir hulle wat nie hul Godgegewe bedienings begin of vervul het nie. 'n Man wat Roy hulle se byeenkomste bygewoon het, wou die band speel, maar Vader het Roy opdrag gegee dat dit nie gespeel mag word nie – deur aan hom te openbaar dat dit 'n Python-ervaring was wat daardie persoon gehad het. Vader het aan Roy die Python-leuen openbaar dat 'n persoon hel toe gaan as hy nie sy Godgegewe roeping vervul nie. Sy oë was skielik oopgemaak vir al die veroordelings van gelowiges in daardie man se ondervinding! Dit was redding tot die ewige lewe deur werke en dit was die kerke ingebring deur iemand se Python-ervaring.

Die kerk is oor die algemeen onkundig oor die Python gees. Om nie te weet waarin redding tot die ewige lewe gesetel is nie, is deel van dit wat Python toelaat om ongemerk te opereer. Ons moet verstaan dat daar geen veroordeling in Yeshua Messias is nie. En om met Hom te wandel as sy Bruid, sy geliefde, mag ons ook nie veroordeling in ons hê nie. Daar is 'n manier van praat en dinge te doen, sonder veroordeling van ons kant af. Dis egter 'n ander saak wanneer ons 'n saak oordeel met die regverdig oordeel van Vader. Maak baie seker of dit jou eie oordeel is en of dit Vader se oordeel oor 'n saak is.

Soos Roy gesê het, Vader wil dat die veroordelings stop. 'n Jongman het Roy genader en hom vertel van 'n spesifieke sonde in sy lewe waaraan hy gewerk het om te los. Hy het die volgende Skrif genoem:

I Joh. 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons ons sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Hy het vir Roy vertel dat hy nie na die pastoor van sy kerk toe kan gaan nie, want hulle sou hom uit die kerk smyt. Sien die veroordeling waarvan Vader praat! In elk geval, hy het sy sonde aan Roy bely en Roy het vir hom gesê Vader sou hom verlos. Dit was ongeveer vier of vyf maande later toe hul paaie weer gekruis het. Die jongman het Roy vertel dat hy geen probleem met die sonde meer het sedert die foonoproep nie. Yeshua het hom verlos! Die verbondsbelofte wat te doen het met "redding in die fisiese" het gewerk.

Verbonds-beloftes

Ons as gelowiges moet die konsep verstaan dat verbonds-beloftes onafhanklik werk en nie sommer iets aanneem oor een van hulle in ons lewe gewerk het nie. Hier is 'n Skrifgedeelte wat sommige pastore gebruik in hulle bewering dat as jy dit doen, jy die ewige lewe sal ontvang.

Openbaring 3:20 *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*

Roy vertel: Toe ek omtrent 8 of 9 jaar oud was, was ek en my broers een Sondag besig om my ma lastig te val. Sy het probeer om die Sondagkoerant te lees en het naderhand uitgegaan na die bakkie toe om dit te kon doen. Ons het haar soontoe gevolg, steeds besig om lastig te wees. Sy het kort daarna die bakkie aangeskakel, gesê sy gaan weg, en het met die pad langs gery. Nog jonk, het ek gedink sy gaan weg vir altyd en ek het omtrent 'n agtste van 'n myl gehardloop in 'n suidelike rigting op ons plaas na die oorgang van 'n spruit. Ek het tot Vader uitgeroep in gebed om haar terug te bring, soekend na Hom met my hele wese. 🙏 Ek het skielik 'n stem gehoor wat sê: *“n Man is die somtotaal van sy ervarings!”*

Daarmee is ek terug huis toe, verwonderd! Ek het toe nie geweet dit was Vader nie. Ek het mettertyd besef dat van die mense wat ek geken het en wat 'n wrok koester, iets in hulle lewe beleef het wat veroorsaak het dat hulle gedink en opgetree het soos hulle het. Ek het dit gesien toe ek op die skoolraad gedien het en dwarsdeur my lewe. Hierdie wete het my gehelp om meer vergewensgesind te wees teenoor sekere mense – deur te weet daar is 'n rede waarom hulle op 'n sekere manier dink en doen.


Die rede waarom ek hierdie ondervinding opgehaal het, is omdat ek weet dit het te doen gehad met die soek van Vader met my hele hart en dat Hy my geantwoord het. Tog was ek nie gered nie – my gees was nie wedergebore voor ek op hoërskool was nie.

Ek het *die deur oopmaak*, (en) *“sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.”* Dit het in my lewe gebeur voordat die verbondsbelofte van die ewige lewe in my lewe gewerk het. (Dit het niks met jou belydenis oor wie Yeshua is te doen nie.) Sommige sal sê dit was nie Elohim wat met my gepraat het nie, oor wat gesê is. Maar ek weet dit was Elohim en Hy het iets baie belangriker gehad om my te vertel as dit waaroor ek gebid het. (Waaroor ek gebid het was nie eens werklikheid nie, want my ma was nie weg nie!) Hy het dit baie in my lewe gedoen. Hy sal dit in joune ook doen oor sy groot liefde vir jou en jou welsyn. Wanneer jy ernstig na Hom soek en jy maak die deur van jou hart oop, mag Hy jou iets vertel wat 'n bietjie verskil met die onderwerp waarop jy is. As jou kind iets moet weet, maar hy luister glad nie – tot op 'n sekere oomblik – sal jy hom nie vertel wat hy moet weet op daardie oomblik wanneer hy wel luister nie? Hierin sien ons Vader se liefde. Dit is ook waarom gelowiges moet leer om “Goue Vergaderings” te hou *“...en die deur oop te maak”* op 'n gereelde basis.

So sien ons deur hierdie ondervinding van die jongman wat vir Roy geskakel het se ervaring, toe hy hom gebel het om sy sonde te bely, dat verbondsbeloftes onafhanklik werk. Dit is uiters belangrik om te sien dat die verbondsbeloftes wat die “ewige lewe” gee, onafhanklik werk van die verbondsbeloftes wat lewe in hierdie “fisiese lewe” gee!

Geen Hel?

Hier is nog 'n valse lering wat Roy gebruik om te lei na 'n belangrike saak: 'n Vriend het hom genader per e-pos en telefonies. In die gesprek het dit uitgekóm dat hy sou te staan kom teen mense, party baie bekendes, wat aan die vasval was in variasies van: *Almal gaan gered word voor alles verby is, want daar is geen hel nie.* Later het hy vir Roy in hul e-pos gesprek vertel dat hy al verskeie goed genoem is, selfs dat hy hel toe gaan... Oeps! Hier is iemand wat sê daar is geen hel nie, maar dan vir iemand sê hy gaan soontoe. Om te praat sonder om te dink is erg, maar om lering te gee sonder om te dink is veel erger!



(Roy getuig baie duidelik daar is 'n hel, omdat hy dit self vanuit die hemel gesien het.)


Wat ons hier wil byvoeg is iets wat Vader vir Roy gesê het toe Hy hom geleer het oor ewige verlossing: *“Kry hulle geeste weer gebore, dan kan ek van binne af aan hulle werk!”* Hy het ook vir hom gesê om nooit sommer aan te neem enige pastoor (selfs die groot name) is gered nie.

Ons moet begryp dat valse leringe in die kerk op hierdie wyse kan ontstaan, want van die 48% gelowiges het geeste wat nie wedergebore is nie (hulle het eenvoudig duisternis in hulle) en die res stel nie belang om Bruid te wees nie of hulle weet nie hoe om dit te bereik nie.

Daar is 'n verskil daarin dat Vader van binne af aan iemand werk, teenoor werk van buite af. As dit nie waar was nie, sou Hy nie vir Roy gesê het: **"Kry hulle geeste weer gebore, dan kan ek van binne af aan hulle werk!"**

Hierdie is 'n groter hindernis as wat dit voorkom. Dit moet belangrik wees om te besef, anders sou Elohim nie vir Roy ingelig het nie. Daardie gelowiges wat verkondig het "daar is geen hel en geen duiwel nie, ensovoorts," is moontlik mense wat nie wedergebore geeste het nie. Vader weet, ons weet nie. Maar ons behoort al die moontlikhede te herken en daarvolgens op te tree.

Troeteldiere

 Terwyl Roy hierdie artikel geskryf het, het Yeshua vir hom 'n visioen op 1 Januarie 2010 gegee waarin mense baie harde lekkergoed moes eet. *Dit was so hard dat hulle, hul kiestande moes gebruik om dit te breek. Roy het gewonder of hulle dit gaan regkry. Dit was so hard soos klip! Dit was goudkleurig en soet (ten minste aan die buitekant). In die toneel was dit ook geopenbaar dat hierdie selfde mense hulle troeteldiere sou moes doodmaak. Die troeteldiere was blonderig (loskop denke) met 'n bietjie goud in die hare ingemeng. Roy sê dat hy besef het dat hierdie visioen met hierdie artikel verbind was en in werklikheid daarvoor gegee was. Vader het doodeenvoudig simbolies openbaar wat Christene moet doen!*

Gesuiwerde reddingsinligting het te doen met die goud kleur en hierdie inligting is so "soet" vir die ware skakelpersoon van Yeshua! Dit is bevrydend en so solied soos 'n rots! Die rede vir die smal gedeelte goud in die troeteldiere se blonderige haartjies het te doen met die klein hoeveelheid waarheid in die leerstellings aangaande redding. Verskillende denominasies (sektes) het hulle eie metodes (troeteldiere) vir redding tot die ewige lewe. Hier is 'n paar:

Sommige kerke sê dat jy 'n lidmaat van hulle gemeente moet wees om die ewige lewe te mag ontvang. **"Dit is redding tot die ewige lewe deur werke."**

Sommige sê dat jy moet deelneem aan hulle spesifieke manier van nagmaal hou. **"Dit is redding tot die ewige lewe deur werke."**

Sommige sê dat jy die Sabbat op 'n Saterdag moet hou anders gaan jy hel toe. **"Dit is redding tot die ewige lewe deur werke."**

Die lys gaan aan en aan. Hierdie mense het weggedwaal van wat Yeshua aan die kruis vervul het en die feit dat redding tot die ewige lewe in Hom is!

1 Kor 1:18 *Want die woord (prediking) van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van Elohim;*

Troeteldiere het te doen met die volgende uit 'n artikel wat Roy geskryf het:

Die eerste keer wat Yeshua vir Roy 'n persoon se leerstelling troeteldier gewys het, het Hy geopenbaar dat dit 'n leerstelling (geloofsuitkyk) was wat die persoon **nie wou prysgee nie**. Hier moet ons benadruk dat die woord 'leerstelling' vertaal kon gewees het as 'lering', maar in hierdie geval was die leerstelling ('n stel gedagtes oor 'n sekere onderwerp) nog nooit aan hierdie persoon geleer nie. Dit was iets waarmee hierdie gelowige grootgeword het of in gegroei het want dit was deur hom oor die jare beoefen as "die manier hoe dinge gedoen word". Dit was iets wat hierdie persoon **wou glo**, iets waaraan **hulle bly vashou het**. Dus sien ons 'n samevoeging van om met iets **te wil voortgaan** wat nie waar is nie en om 'n troeteldier aan te hou.

In die toneel was dit geopenbaar dat hulle wat die harde lekkernye gekou het, ook hul troeteldiere moes doodmaak. Dit is 'n volledige pakket. Jy kan nie een ding doen sonder die ander nie en dan verwag om Vader se begeerde resultate te verkry nie!

Die regte kant van Genade


Roy vertel: *In 'n bedieningsvergadering op 27 Desember 2009 is gerapporteer dat Yeshua in 'n persoonlike Goue Vergadering gesê het: "regte kant van genade". Die persoon wat dit gerapporteer het, het dit verstaan as iets wat Yeshua aan ons gaan leer en waarby Hy ons gaan inlei. Ons het nie geweet waarom Yeshua gesê het "regte kant van genade" nie, maar ons sou gou meer uitvind! Op 2 Januarie 2010 het ek die volgende ontvang van Patrice uit Europa: (skuinsgedruk ontvang)*


"Berei die Bruid!!!

Yeshua se woorde het tot my gekom as: "bly in My en My Woord." Ek het ook duidelik waargeneem dat Vader 'n golf van genade stuur aan die ongelowige (vir redding) en aan gelowiges om hulleself weer aan Hom toe te wy, oor hulle hul eerste liefde vergeet het."



Toe ek dit sien, het die situasies waaroor ek hier geskryf het, deur my gedagtes begin snel. Dit het my meteens getref dat die **kwaksalwers** wat Vader my vroeër laat uitwys het, beslis onwetend aan die **verkeerde kant van genade** is. Veral hulle wat aan geredde mense sê hulle gaan hel toe as gevolg van sonde na redding.

 Yeshua het aan Roy nog 'n visioen op 2 Januarie 2010 gegee. In die toneel het ek die Goue Vloer (uit 'n visioen van jare gelede) gesien en waarop gelowiges moes loop. Dit is die vloer wat openbaar dat ons voortdurend aan die drie hoof vlekke moet aandag gee. Anders mag ons struikel in ons wandeling met Elohim. Die Goue Vloer was bo-oor gelê deur 'n man se voete en in die omgewing van sy hart. Ek het geweet Vader was besig om te toon hoe belangrik die **korrekte verdeling van die woord "Gered"** vir Hom en vir ons is. **Yeshua wil hê dat ons die verskil verstaan tussen ewige redding en tydelike (fisiese) redding... en hoe om in albei te wandel.** Hy beskou dit as uiters kosbaar.



Take His Heart to the World Ministries
www.takehisheart.com
PO Box 532
Wellington KS 67152